



# **DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE HET NABY GEKOM**

Dr. Gerrie de Haas

# **DIE KONINKRYK VAN DIE HEMELE**

## **HET NABY GEKOM**

### **INHOUDSOPGAWE**

Jesus antwoord Nikodémus en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word en met Heilige Gees vervul word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.

1. Hoe kom ons op 'n hoër geestelike vlak?
2. Die seuns van God.
3. Jesus en die skrifgeleerdes.
4. God en jou karakter.
5. Opstandingskrag.
6. Eindtydkerk en Oop Hemel.
7. 'n Geestelike lewenstyl.
8. Die koninkryk en bese magte.
9. Die Koninkryk-gedrewe kerk.
10. Jou bestemming.

## HOE KOM ONS IN 'N HOËR GEESTELIKE VLAK?

Een van die belangrikste vrae wat ek ooit gehad het, en ek is sekere baie van u ook het, is die vraag: Hoe kom ek hoër as my natuurlike vlak – hoër as my huidige dimensie?

My gedagtes was nie diep genoeg dat ek God kon verstaan nie. Ek het 'n probleem gehad om God te verstaan met my brein.

Dit was eers toe ek beseft dat die enigste manier om God te verstaan, is deur 'n openbaring van Heilige Gees.

Dis die enigste manier. Ek self was te klein daarvoor.

Die geopenbaarde kennis van God kom in 'n oogwink in ons eie gees in. Baie keer is daar nie vooraf kennis daarvan of 'n teken dat dit sal gebeur nie. En God kom in en maak dinge duidelik vir my.

Maar, ek moes eers by 'n plek gekom het waar ek my gedagtes totaal moes oorgee aan God, sodat Hy dit kon invul met Sy gedagtes. Ek glo dit is wat Paulus bedoel het toe hy geskryf het in **Romeine 12:2;**

'En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is'.

God is Gees, met bonatuurlike vermoëns.

Alhoewel Hy God is, sien ons Sy werking in ons aardse liggame.

Die vier dinge wat alleenlik deur openbaring van die Heilige Gees na 'n mens kan kom is:

1. Wat is God se natuur en Sy werking,
2. Wat en hoe werk die menslike natuur,
3. Wat is die oorsprong van die mens en
4. Wat is die oorsprong van lewe.

## **Laat ons teruggaan na die begin van die skepping:**

Die groot val van Adam het gekom toe hy sy eie gedagtes, sy eie kennis en sy eie gesonde verstand in plek wou stel van die openbaring wat God hom gegee het.

Hoe kry 'n mens dit reg om jou eie gedagtes te laat heers?

Deur sonde en ongehoorsaamheid.

Adam het pertinent gekies om die opdrag wat God hom gegee het, om nie te eet van die Boom van kennis van goed en van kwaad, nie te gehoorsaam nie.

Nou, dieselfde gebeur nou nog net so met ons.

Die oomblik toe Adam sondig, het tyd, plek, ruimte en materie, die basis van sy lewe geword. Sonde het hom uitgeneem uit die dimensie om te kan sien in die geestelike realm.

Dis waarom normale menslike gedagtes probleme het om enigiets te verduidelik wat hulle nie kan verstaan nie. Dis waarom menslike gedagtes probleme het om God se bonatuurlike krag te verstaan. Daar is slegs twee bronne van bonatuurlike krag: God en Satan.

## **Wat is die krag van God?**

Dit is die eksplisiewe, dinamiese en inherente krag in God.

Dis bonatuurlik om bv. wonderwerke te kan doen en in die hoër dimensie permanent te beweeg. Indien ons daarin kan leef, sal ons kan doen wat Jesus gedoen het. Die hele kerk is ongelukkig siek en neerslagtig vandag omdat hulle hierdie krag vervang het met godsdiens en allerhande ander dinge.

Voordat 'n mens werklik wedergebore word, word hy deur sy menslike gedagtes alleen beheer en draai alles wat hy weet, net daarom.

Na wedergeboorte kom Jesus Christus en Heilige Gees in jou in en begin die proses waarin ons ons gedagtes en ons gemoed nou kan vernuwe en hulle vervang met God se gedagtes.

Vernuwe hier beteken om klaar te maak met my ou wêreldse gedagtes. Hoe God besig is om dit te doen is bo ons vermoë om te verstaan. Een ding moet ons onthou: God het die mens gemaak met die vermoë om krag te sien en dit te hê.

Kerk vandag beweeg op die vlak van menslike vermoëns. Die gevolg is dat indien iets gebeur wat buite hulle raamwerk val, dit as 'verkeerd' of 'nie-moontlik' of die nuwe een – dis 'onskriftuurlik' beskou word.

Die huidige generasie gaan kerk toe om te soek na 'n bonatuurlike God met bonatuurlike krag. Meestal gebeur dit nooit nie want die kerk preek van 'n Jesus wat dood is – iemand uit Sondagskool stories.

Die werklike, lewende, opgestaan uit die dood en wonder wekende Jesus, bly vir hulle 'n vreemdeling. Hy bly vir hulle ver. Die gevolg is slegs dat daar niks bonatuurlik in kerke gebeur nie. Dit maak dat as mense 'n wonderwerk sien of 'n kragdimensie ervaar, hulle dit moeilik vind om dit te glo en dit te verstaan. Hulle het geen openbaring van die werklike Christus nie.

- \* Sal ons weer kerk toe gaan as daar iets begin gebeur?
- \* Sal ons aanhou gaan uiteet as niemand vir ons kos voorberei nie?
- \* Sal ons aankou kerk toe gaan as ons net godsdiens daar kry en nie vir God nie?

Hoekom verwag kerk nie dat daar iets bonatuurliks gaan gebeur nie? Want niemand weet hoe om die bonatuurlike weer terug te bring in die kerk in nie. Dit kort weer 'n bonatuurlike openbaring van 'n ewige en alom-kragtige God.

Die vlak waarop jy nou beweeg, word bepaal oor hoe groot die openbaring is wat jy alreeds ontvang het van God. Ons intellek het nog altyd voortbeweeg in die natuurlike dimensie. Dit gee beperkinge in ons lewe.

Die hele doel is om voort te beweeg in God se bonatuurlike kennis. Maar, God het nog nooit beplan dat ons slawe van ons menslike kennis moet wees nie.

Daar sal geloof van Heilige Gees kom om ons uit hierdie beperkinge te neem waarin ons verval het. Geloof word nou die medium wat ons sal gebruik om in die bonatuurlike in te gaan. As dit God se plan was om ons in die natuurlike te hou, sou Hy nooit vir ons geloof gegee het nie.

Jesus Christus het met Sy bediening voortdurend van die Koninkryk van God gepraat. Hy sê in **Mattheus 6:13**; 'Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.'

Die **Koninkryk** is die bonatuurlike regering wat gevestig is op aarde om deur 'n Koning regeer te word.

Die **krag** om dit te doen, kan alleenlik in God gevind word.

Die **heerlikheid** is die teenwoordigheid van God.

Dit bly die basis van al die lering van Jesus: Die koninkryk, die krag en die heerlikheid.

In Handeling 1 het Jesus veertig dae gebruik om Sy dissipels te leer van die koninkryk. **Handeling 1:1-3**;

'Die eerste verhaal is oor alles wat Jesus begin doen en leer het tot op die dag dat Hy opgeneem is, nadat Hy aan die apostels wat Hy uitverkies het, deur die Heilige Gees bevele gegee het; aan wie Hy ook, ná sy lyde, Hom lewend vertoon het deur baie kentekens, terwyl Hy gedurende veertig dae aan hulle verskyn het en oor die dinge van die koninkryk van God gespreek het'.

Sy hele doel was om hulle voor te berei vir die dag as die krag sou kom. Dit gebeur toe in Handeling 2 en dit word gevolg in Handeling 3 deur die manifestasie van Sy heerlikheid.

Die een volg op die ander.

In die kerk kan ons nie geleer word van God se Koninkryk, sonder dat daar nie ook 'n vertoning is van Sy krag nie.

Die teenoorgestelde is ook waar.

Daar is sekere bedieninge waar daar 'n groot vertoon is van God se krag, maar daar is min openbaring van Sy koninkryk.

In Amerika het jy weer 'n groot ophef van God se heerlikheid, maar geen teken van Sy krag nie.

Jesus het Sy dissipels geleer, en Hy leer vandag nog vir my en vir jou van Sy koninkryk, want Hy weet dat om 'n effektiewe getuie in 'n bese wêreld te wees, het jy Sy krag nodig.

Weet dat kerke en regerings enige iets sal doen om heiligmaking te opponeer en af te maak as niks. In ons eie land gebeur dit elke dag.

### **Wat kan ons nou verder neem as dit waaraan ons gewoon is?**

- \* Openbaring of die geopenbaarde werklikheid van God, en
- \* Geloof.

Die natuurlike mens kan God nooit behaag nie, want dit is van die begin af teen God.

#### ***Romeine 8:8;***

'En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie'.

Normale menslike gedagtes, logika en redenasies kan nie wonderwerke doen nie.

Dit kan nie blinde mense laat sien of dooie mense laat lewendig word nie. Dit kan nie kanker genees of siste laat verdwyn nie.

Dit is 'n deel van my taak om 'n generasie op te lei wat nie bang gaan wees of skepties gaan wees oor die bonatuurlike nie. Ons gaan mense toerus wat elke dag die wonderwerkende krag van God sal sien. Jesus het dit gedoen, sy dissipels het dit gedoen en ons gaan dit weer doen.

Die grootste beperking is dat mense in die kerk nie meer glo dat hulle verder kan gaan as waar die mediese wetenskap opgehou het nie. Die vlak waar dit alledaags sal wees, sal aangebreek.

Daar gaan net eers 'n vraag van Sy kant af kom: 'Gerrie, is jy hier vandag omdat jy My liefhet, of is jy hier omdat jy My nodig het?' As jy vandag werklik 'n begeerte het om 'n bonatuurlike God te ken, vra vir Heilige Gees om in jou gedagtes God se grootheid te openbaar.

Daar is 'n dringendheid in die Gees om ons hoër te neem. Daar is ongelukkig nog te veel onnodige dinge wat ons aandag aflei. Ons moet dit verhoed. Daar is net te veel stemme hier om ons wat ons verhinder.

God roep 'n tyd van stilte uit in jou lewe. Dié wat onseker is van hulle self moet nou deurdruk. Moenie dinge probeer doen en wegkruip agter dit nie.

God gaan aan ons baie meer onderskeiding van Sy Gees gee. Hy wil hê dat ons moet fokus om Sy beweging te ervaar. Dis tyd vir ons om in Sy heerlijkheid te beweeg. Heilige Gees sal ons lei. Soek Hom en laat Hom toe om jou te verander.

.....

## **DIE SEUNS VAN GOD**

Wie is die seuns van God? Kan ons ook die seuns wees?

**Romeine 8:19;** NIV.

*'The creation waits in eager expectation for the sons of God to be revealed'.*

'Want die skepping wag met reikhalsende verlanse op die openbaarmaking van die seuns (kinders) van God.



Die Afrikaanse Bybel het hierdie vertaal as 'die kinders van God', terwyl elke Engelse vertaling dit vertaal as 'the sons of God'.

Daar is drie stadiums in 'n Christen se lewe.

Om 'n seun van God genoem te word is die finale stadium.

\* Stadium een: Dis die beginfase na bekering.

Jy het na bekering in die familie van God gekom deur Jesus Christus. Die werke van die wêreld en van die vlees is nog daar en dit bly 'n stryd.

\* Stadium twee: Daar was vordering en jy is nou wedergebore.

Daar het genesing van die siel plaasgevind en jy het vervul geraak met Heilige Gees en sy teenwoordigheid.

Daar is oorwinning oor die werke van die vlees.

\* Stadium drie: Jy beweeg nou in die teenwoordigheid van Heilige Gees en gawes vloei deur jou. Die finale fase in jou lewe begin waar God jou grootliks begin gebruik.

## **Wat is die karaktertrekke van 'n seun van God?**

Let op dat dit manlik én vroulik is.

(Net soos wat mans ook die 'Bruid van Christus' gaan wees.)

### **1. Die seuns van God word deur die Gees gelei:**

#### ***Romeine 8:14;***

'Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is seuns (kinders) van God'.

Ons is baie keer onder die indruk dat om deur Heilige Gees gelei te word, kan jy sy stem hoor. Dis egter baie meer as net dit.

Jy kan alleenlik deur die Gees gelei word as Hy volkome in jou is.

Om volkome in jou te wees beteken dat Heilige Gees elke area van jou lewe beheer.

Nou is daar nie meer een enkele besluit wat jy neem, sonder om Sy toestemming te hê nie.

Selfs Jesus sê in **Johannes 5:19**;

'Toe het Jesus hul geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie'.

Dink ons dat Heilige Gees ons sal lei om na seksuele uitsendings oor TV te kyk, of na moord en doodslag en misleiding en verleiding? Sal Heilige Gees ons lei om oor andere te skinder en sleg te praat? Heilige Gees sal ons lei in heiligheid en om die werke van God te doen. As Heilige Gees ten volle in beheer is in jou lewe sal jy niks anders as heilig kán wees nie.

## **2. Die seuns van God het gesterf aan die vlees.**

**Galasiërs 5:24**;

'Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig'.

Die één groot teken dat jy die vlees oorwin en gekruisig het, is dat jy 'n lewe kan lei sonder gewoonte-sonde.

Sonde sal altyd daar wees, maar dis anders as jy oorwinning oor sekere sondige dinge in jou gekry het.

**Romeine 6:7**;

'Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde'.

**1 Petrus 4:1(b)**;

'Wie dan na die vlees gely het, het opgehou met die sonde'.

Die dag as ons voor die troon van God staan, sal ons besef dat hierdie alles net genade was.

Dit kon net so wel so anders gewees of gebly het!

### **3. Die seuns van God het die verlossing van die liggaam ontvang en die aanneming tot seuns.**

#### ***Romeine 8:22-23;***

'Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe. En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in onself in afwagting van die aanneming tot (seuns) kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam'.

Hierdie beteken dat as ons aangeneem word as seuns, sal jy 'geplaas word as 'n seun'. Jy sal aangeneem word en dan na die verlossing van jou liggaam, sal jy geplaas word as 'n seun van God, om te dien in die koninkryk van God.

In Joodse praktyk word seuns van twaalf of dertien jaar gesien as in die oorgangstydperk. Dis die tyd waarin hulle oorgaan tot volle manlikheid. As hulle dertien jaar oud is, word hulle gesien as 'seuns van die wet'.

Hulle sien ook die insident waar Jesus op twaalfjarige ouderdom agtergelaat is in die tempel, as 'n erkenning dat Hy besig was om as 'n volwassene erken te word.

Wat vra Jesus hulle daar in die tempel in Lukas 2?

'Waarom het julle my gesoek? Het julle nie geweet dat Ek in die dinge van My Vader moet wees nie?'

Jesus het hier al besef dat Hy die Seun van God was.

As dertienjarige Joodse seun mag hy nou volgens die wet deelneem aan al die verordeninge van die sinagoge. Hy mag nou as volwassene onder in die kerk sit en deelneem aan alles as 'n wettige man. Tot in hierdie stadium moes hy agter by sy moeder gesit het, as kind. Om so 'n seun van God te word gee aan jou sekere wettige verantwoordelikhede en word daar van jou verwag om die Woord te bestudeer en te ken.

#### **4. Die seuns van God het die moontlikheid ontvang om nuut en volmaak te word.**

##### ***Mattheus 5:48;***

'Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is'.

*'Be perfect as your Father in heaven is perfect'.*

As jy dit kan regkry wat in Mattheus 5, 6 en 7 staan, is volmaaktheid moontlik. Hierdie drie hoofstukke is so belangrik as ons ons fondasies op vaste grond wil bou.

##### ***1 Johannes 2:5;***

'Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is'.

Die seuns van God kan nou groei en volmaak word soos wat hulle toelaat dat God hulle kan verander na die beeld van Christus.

##### ***2 Korinthiërs 5:17;***

'Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword'.

As ons dit kan regkry, sal ons blaamloos wees: In die gees is jy nou splinternuut.

#### **5. Die seuns van God sal God ken.**

##### ***Johannes 17:3;***

'En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het'.

Na wedergeboorte en jou belydenis dat Jesus die Seun van God is, speel Heilige Gees al hoe 'n groter rol in jou lewe.

Wie Jesus Christus werklik is, sal Heilige Gees aan jou openbaar.

***Johannes 16:14;***

'Hy (Heilige Gees) sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig'.

Die oomblik dat daar 'n intieme verhouding met Jesus is, sal Hy aan jou die Vader openbaar.

***Mattheus 11:27 (b)***

'Ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar.

Daar is net een God, die Vader. Hy kom wys aan ons wie Hy is, eers deur Heilige Gees en dan deur Sy Seun, Jesus Christus.

***Efesiërs 3:19;***

'Om die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.

Die seuns van God sal Hom ken as hulle met Sy volheid gevul is.

Hoe meer jou wese deurweek word met God, hoe meer sal jy Sy teenwoordigheid ervaar.

Die ewige lewe is om die volheid van die Drie-enige God te ken.

**6. Die seuns van God sal toegang tot die hemel hê:**

***Efesiërs 2:6;***

'En saam opgewek en ons saam laat sit in die hemele in Christus Jesus'.

***Filippense 3:14;***

'Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus'.

Ons is nooit werklik in die kerk geleer wanneer en waar 'hemel' sal wees nie. Die algemene aanvaarding is maar dat dit eendag sal wees. Maar, soos dit aan ons openbaar word, is dit anders.

### ***Hebreërs 12:22***

'Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tien duisende engele'.

Hier sê die Woord dat ons by die berg Sion **gekome het** - die hemelse Jerusalem. Sion is die plek van God en saam met Hom daar is ontelbare engele. Om hier op aarde terwyl ons hier lewe, toegang tot hierdie plekke te hê, is 'n werklikheid. Of die besoek aan hierdie hemelse plekke in of uit die liggaam is was nie altyd duidelik nie. Selfs Petrus en Paulus het nie mooi geweet nie. Dis egter duidelik dat ons in hemelse plekke in die gees is. Die liggaam is nog altyd hier op aarde.

As ons op verskeie plekke lees dat Jesus, terwyl hy op aarde was, opgegaan het op die berg om te bid, weet ons nou dat Hy in die Gees in die teenwoordigheid van God was.

### ***Job 1:6;***

'En op 'n dag toe die seuns van God kom om hulle voor die HERE te stel, het die Satan ook onder hulle gekom'

In die daaropvolgende verse is daar 'n bespreking tussen God en Satan oor sy doen en late. Satan is verseker nie 'n seun van God nie, maar die seuns word toegelaat om hierdie gesprek te volg in die hemele. Die seuns van God het voor God gekom om verdere bevels vir hulle werk te ontvang.

### ***Johannes 5:19;***

'Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so'.

Jesus is baie duidelik daarvoor dat Hy niks gedoen het as Hy nie Vader dit eers sien doen nie. Jesus was en is nog altyd die Seun van God. Selfs Hy moes **sien** wat God wil hê Hy moet doen.

***1 Korinthiërs 13:9,10;***

‘Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele.

Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan’.

Liefde is die een ding wat ons volmaak maak. As seuns van God is ons perfek gemaak deur God se liefde. Daarom hoef ons nie meer slegs ten dele te ken en te profeteer nie. Die liefde wat saam met Jesus op die kruis gekom het, het ons volmaak gemaak en kan ons helder sien wat om te doen en het ons die reg om saam met Hom in die hemel te wees.

**7. Die seuns van God het die lig van die lewe:**

***Spreuke 4:18;***

‘Terwyl die pad van die regverdiges is soos die lig van die môreglans, wat al helderder word tot die volle dag toe’.

Jesus is die lig. As jy Hom volg en doen wat Hy doen, sal jy ook lig wees.

***Johannes 8:12;***

‘En Jesus het weer met hulle gespreek en gesê: Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê’.

Dit is waaroor die lewe gaan. Om progressief te groei tot op die dag waar God Sy volheid sal openbaar.

Daar staan duidelik: Jy sal die lig van die lewe hê.

Daardie lig wat duisternis sal verdryf. Waar jy ookal sal gaan sal jy lig bring vir dié wat in donkerte lewe.

Dit is ook dié lig in jou wat demone sal laat wegvlug van jou af.

## **8. Die seuns van God sal perfekte vrede hê.**

As jy al helderder sal skyn tot op die volle dag van die Here, sal daar vrede in jou wees.

Om te wandel in die gees sal jou bring na die Nuwe Jerusalem. Jerusalem beteken: 'Fondasie van vrede'.

Die gevolg is dat die gees van 'n vredemaker jou deel sal wees.

Duisende Christene het vandag nog nie vrede agv sonde wat heers oor hulle kwaad en onvergewensgesindheid. Terwyl die stryd van die verlede nog nie begrawe is, sal onvrede heers. Die groot gevolg van kompetisie en bitterheid kom van die geneigdheid om ander te kritiseer en te veroordeel, om meestal hulle eie seer weg te steek.

Seuns van God kan lig bring in hierdie verbreekte verhoudings.

Kom ons herhaal weer die vers in ***Romeine 8:19***;

'Want die skepping wag met reikhalsende verlanse op die openbaarmaking van die seuns / kinders van God'.

Jesus het alreeds die volle prys betaal, maar dit is die seuns van God wat dit moet vat om die wêreld vry te maak van korrupsie en gebondenheid.

Die wêreld het ons nodig. God het ons nodig om Sy groot opdrag uit te voer.

Daarom wag die hele wêreld dat die seuns van God hulle regmatige plek sal inneem in hierdie tyd as die groot oes moet inkom.

Die vraag sal nou opkom: Is jy alreeds 'n seun van God?

.....



# JESUS EN DIE SKRIFGELEERDES

Ek glo dis so belangrik dat ons meer ingelig moet wees oor wat God besig is om te doen in hierdie dae in Sy ware kerk.

Wêreldwyd is daar weer reformasie besig om plaas te vind in kerke. Daar word oral baie meer gefokus op wie jy werklik in Christus Jesus is en waar pas jy in Sy Koninkryk in.

Daar was oor jare in die kerk baie klem gelê op die ware Bybel-boodskap en hoe dit aan die wêreld gebring moet word en hoe godsdienst nou eintlik werk. Dit het gelei na die toestand waar godsdienst belangriker geword het as die boodskap self.

In die proses het ons soms vergeet watter rol ons werklik moet speel. Die rol wat ons moet speel in die samelewing is so belangrik. Ons leefstyl en karakter is een van die dinge wat andere na die lig sal trek. In Christus het ons die hoop dat Sy heerlijkheid sal kom.

Waar het dinge in die kerk dan 'n ander wending aangeneem? Ek glo dat dit van die begin af daar was.

As ons na die Bybel kyk, dan sien ons dat daar elke dag in die lewe van Jesus Christus konflik was tussen hom en die Skrifgeleerdes. Hulle was die godsdienstige Joodse leiers. Hulle was geleerde mense wat hierdie wysheid van hulle wou afdwing op almal. Die feit dat Jesus hulle opponeer het, het op die einde na Sy dood gelei.

In daardie tyd het die Joodse leiers verwydering gemaak tussen hulle en die mense van God en ook tussen hulle en mense wat nie in die kerk was nie. Omdat hulle gedink het dat hulle geleerdheid hul op 'n hoër vlak geplaas het, het hulle neergesien op almal. Hulle het ook deeglik daarvoor gesorg dat die gewone mens net gladnie geestelike geleerdheid kon kry nie.

So het hulle die volk in onkunde gehou. Vandag is dit nie heeltemal anders nie – alles werk maar nog net so.

Jesus Christus kom met 'n heeltemal ander benadering. Hy beweeg tussen mense en leer mense van alle vlakke. Die lering was ook van so 'n aard dat almal dit kon verstaan. Dis hoekom Hy ook gekies het om sake of mense of dinge met mekaar te vergelyk – daarom al sy vergelykenisse.

Die Skrifgeleerders het God se Woord beskerm, maar dit ongelukkig ook so weggehou van mense. Hulle het in daardie tye dan ook soveel meer geweet as die normale bevolking. Hulle hele lewe het daarom gedraai om net lojaal aan God te bly. Al hoe hulle dit kon regkry was deur godsdienstigheid.

Wat gebeur toe Jesus Christus kom met die nuwe boodskap van liefde? Hy kom praat oor nuwe dinge soos sonde wat vergewe kan word en dat godsdienste nie belangrik is nie, maar dat verhoudings is. As jy deur al die jare en donker Middeleeue na die kerk wêreldwyd kyk die afgelope 200 jaar, was dit maar altyd dieselfde. Almal staan teen vernuwing en verandering. Toe Jesus kom met Sy nuwe boodskap, het die skrifgeleerdes dadelik hulle harte verhard teenoor God. Enige opposisie teenoor hulle doktriene was taboe.

Die feit dat Jesus soveel sukses gehad het met Sy lering en soveel wonders en tekens gedoen het, het by hulle verbygegaan. Hulle was so verblind dat hulle nie die uniekheid van hierdie man kon raaksien nie. Dis waarom hulle elke keer na Hom toe gekom het en gevra het: Deur watter outoriteit doen jy al hierdie dinge? Hy was elke dag bevraagteken oor Sy doen en late.

Liewe mens: Hoe gaan God dit in ons hedendaagse kerk vandag verander? Wanneer gaan almal ophou vra: Hoe kry jy dit reg óf wie dink jy is jy?

Ek wil net weer daardie stukkie van Dawid en sy broers vertel: Ons weet dat Dawid deur sy vader gevra is om sy broers te gaan besoek op die oorlogsvelde en vir hulle kos te vat.

Daar aangekom vind hy sy broers in die oorlog met die Filistyne. Die man Goliat daag toe die hele leer uit om teen hom te veg. Die oomblik dat Dawid sê: Ek sal teen hom gaan veg, is daar dadelik teenstand. Oombliklik is daar 'n groot toets.

God stuur toe 'n demoon om Dawid te gaan versoek en aan te val. Nee! Sy oudste broer is net daar die toets – een van dié wat naby hom was.

Die oudste boetie vra toe ook: By wie het jy die skapies gelos in die veld? Wie dink jy is jy? Jy kom net hier bespied wat ons doen, en ons hou nie daarvan nie! Dawid het nie op een vraag geantwoord nie. Hy het slegs opgestaan en Goliat gaan doodmaak. Vandag tree ander kerke, ander predikante en mense hier in die kerk, net so op. Diegene naby jou word jou grootste toets. Nou, in Jesus se tyd al was dit so.

Om rein van hart en gehoorsaam te wees, is die enigste manier om die 'Skrifgeleerde-gees' te oorwin. Hier moet jy baie spesifiek gefokus bly op Jesus Christus en jou verhouding met Hom.

God sal jou trappie vir trappie hoër neem – nader na Hom toe. Wees net ingestel om elke dag Sy stem te hoor.

Terug by Jesus en die Skrifgeleerdes:

Ons sien dat hulle losstaan van God en Sy werkinge deur Jesus. Dit was die begin van die werking van 'n verkeerde gees wat vandag ook die werkinge van die Gees in die kerk teenstaan. In die kerk sal hulle seminare en sinodes hou om andere se sondes te bespreek, dit te probeer 'goedpraat' óf om sekere mense gladnie in die kerk toe te laat nie. Misleiding tree juis in wan-neer iets wat verkeerd was, nou skielik aanvaarbaar is. Dit is ook wanneer iets na die waarheid lyk, maar al die tyd is dit vals. Omdat hulle nie gelei word deur die Gees van die Waarheid in hulle nie, kan

hulle nie altyd sê of iets vals is of 'n namaaksel is nie.  
Kom ons kyk na die Skrifgeleerdes in Jesus se tyd en hoe Hy hulle hanteer het en wat Hy vir hulle gesê het.

1. Jesus het **hulle skynheiligheid** openbaar:

Hulle was so gewoon daaraan om al die godsdienstige rituele te kon doen, sonder dat dit hulself kon verander.

**Mattheus 23:3;** 'Alles wat hulle dan vir julle mag sê om te onderhou, onderhou en doen dit; maar volgens hulle werke moet julle nie doen nie, want hulle praat en doen nie'. Hulle praat een ding, maar doen 'n ander.

2. Jesus wys dat hulle **net sit en niks doen nie.**

Hy wys dat hulle nie wou help of werk nie.

Daar was maar net geen plek om 'n dienskneg te kon wees nie.

**Mattheus 23:4;** 'Want hulle bind pakke saam wat swaar en moeilik is om te dra, en sit dit op die skouers van die mense, maar self wil hulle dit nie met hulle vinger verroer nie'.

3. Hulle doen hulle dinge **om deur andere gesien te kon**

**word:** Hulle wou verheerlik gewees het, sonder om God ooit te verheerlik deur hulle lewe.

Daarom die groot begeerte om 'Rabbi' genoem te word.

**Mattheus 23:5;** 'En hulle doen al hul werke om deur die mense gesien te word, en hulle maak hul gedenkseëls breed en die some van hul klere groot'.

4. Hulle het **net gekyk vir regte en voorregte:**

Hulle wou altyd bedien word en het gestreef na die die beste en die beste plekke – alles net oor hulself.

**Mattheus 23:6;** 'En hulle hou van die voorste plekke by die maaltye en die voorste banke in die sinagoges'.

5. Hulle het **geweier om in die Koninkryk in te gaan** en het ander verhinder om dit te kon doen: Die eie-ek was net te belangrik. Hier lei die blindes die ander blindes.

**Mattheus 23:14;**

'Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en doen vir die skyn lang gebede. Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang'.

6. Hulle was net **gefokus op hulle eie voorkoms:**

Daar was geen plek vir die sake van die hart nie of vir die nastreef van persoonlike heiligheid nie.

**Mattheus 23:24-26;**

'Blinde leiers, julle wat die muggie uitsif, maar die kameel insluk! Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binnekant is dit vol roof en onmatigheid.

Blinde Fariseër, maak eers die binnekant van die beker en die skottel skoon, sodat ook die buitekant daarvan skoon kan word'.

7. Verkeerde geestelike doelwitte:

**Mattheus 23:23;** 'Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat'.

8. Hulle het hul **geloof baseer op die werke van die profete:**

Alles van die verlede was belangrik. Die kerk kan vandag nog so besig wees om te leer waar Jesus 'n tyd gelede was, terwyl Hy wil hê ons moet wees waar Hy nou besig is.

**Mattheus 23:29;**

'Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle bou die grafte van die profete en versier die grafstene van die regverdiges;'

## **OPSOMMING:**

### **Beweeg die 'Skrifgeleerde gees' nog in vandag se kerk?**

Ja. Dis waarom alles in orde moet kom in die kerk.

Jesus Christus het hierdie gees teengestaan. Die kerk vandag het orals te min outoriteit om dit effektief te kan doen.

Daarom beheer godsdiens vandag nog die kerk.

### **Kan 'n geestelike leier in die kerk so 'n gees hê?**

Verseker. Die grootste probleem is dat die meeste van hulle wat so 'n gees het, dit nie self besef nie. Hy glo kerk is maar so, want hy is so geleer.

### **Hoe kan ons so 'n gees teenstaan in die kerk?**

As jy in so 'n toestand verkeer, is dit so belangrik om die 'eie-ek gees' te kruisig en van die vlees ontslae te raak.

Jou persoonlike tekortkominge word hier beskerm. Jy het nog nooit klaargemaak met jou minderwaardigheid, jou verwerping en jou persoonlike teleurstellings nie. Dis nou tyd.

Mense besef nie altyd dat dit nie regtig hulle is wat net sonde doen nie. Die probleem is dat hulle onwetend die sonde toelaat.

Jy mag voel dat die wêreld probeer om jou te beperk. Ons moet losbreek van hierdie beperking wat op ons geplaas is en begin doen wat God se doel in ons lewe is.

God sal vir die mens enige iets doen wat jy Hom vra, solank as wat jy alles doen wat Hy vir jou vra om te doen.

Doen wat jy kan, met wat jy het, net waar jy kan.

.....

# GOD EN JOU KARAKTER

Wat is die krag van God?

Bonatuurlike krag is krag wat deur God geskape is. Hy was tog die eerste een wat net kon sê: Laat daar lig wees, en daar was lig. Die Griekse woord daarvoor is 'dynamis'.

Dit beteken magtige krag of inherente krag.

God het hierdie bonatuurlike krag geskep en dis die inherente, eksplosiewe krag waarmee wonderwerke gedoen kan word – vandag nog. Meeste kerke wêreldwyd twyfel in hierdie krag, net omdat hulle dit nog nooit persoonlik ervaar het óf 'n wonderwerk of 'n bonatuurlike ondervinding gehad het nie.

In die bonatuurlike is daar positiewe en negatiewe krag beskikbaar. Die positiewe kan gebruik word deur God se kinders, terwyl die negatiewe ongelukkig in die hande van die bose is. Verkeerde mense het gewet daar krag beskikbaar is en hulle het mettertyd dit vir hulself begin gebruik.

Almal van ons besef wat krag is, maar bonatuurlike krag is dit wat God aan elkeen van ons wil gee. Hierdie kragdimensie is direk gekoppel aan Christene en dis die verskil tussen ons en ander godsdienste, wat kragteloos is. Hierdie bonatuurlike krag kan in elkeen van die 28 hoofstukke van Handeling gesien word. Dit was so 'n belangrike deel van die eerste kerk en God wil nog altyd hê dat dit steeds deur ons vandag moet vloei.

Daar is soveel siekte en ellende in kerke vandag, net omdat ons hierdie krag verruil het vir ander godsdienstige programme.

Godsdiens is die resultaat van 'n toestand waar ons nie 'n ondervinding met God self het nie. As ek 'n ondervinding met God self het, staan ek in 'n verhouding met Hom. So nie is ek net met godsdiens besig in die kerk.

Die kerk wat Jesus Christus gevestig het in die begin het sy koninkryk kom vestig en bonatuurlike krag is gebruik om die wêreld te evangeliseer.

Ongelukkig het daar soveel towery met tyd in die kerk ingekom en vandag probeer hulle die wêreld evangeliseer met menslike talente en vertonings en truuks, as plaasvervangers vir wonderwerke. As die gees van toordery ('witchcraft') in 'n kerk inkom, sien jy wêreldse dinge as die norm van die dag.

Dit kom in as manipulasie, die soeke na rykdom en die onvermoë om persoonlike gebreke te hanteer onder leiers.

Daar is altyd 'n moontlikheid dat bonatuurlike ondervindings kan lei tot misleiding. Maar, om nooit 'n ondervinding te hê nie, beteken dat jy alreeds mislei is.

As jy nooit bonatuurlike dinge in jou ervaar wat vir ander tot voordeel moet wees nie, speel jy ook net 'n spel van godsdiens.

Almal kan bonatuurlike ervarings hê.

Het die wêreld nie na die uitstorting van die Gees gesê: 'Maar is hierdie manne, Petrus, Johannes en die ander, nie net gewone ongeleerde mense nie? Maar kyk net wat kan hulle doen!'

### ***Galasiërs 3:5;***

'Hy wat julle dan die Gees verleen en kragte onder julle werk, doen Hy dit uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof?'

Ons kyk as voorbeeld na die kerk van die Galasiërs: Hierdie kerk het begin in die Gees. Hulle het tot bekering gekom, vervul geraak met Heilige Gees en tekens en wonderwerke was deel van die kerk. Die oomblik toe towery en menslike vermoëns oorgeneem het, het alles verander. Hulle het die vermoë om God se krag te beleef, verloor.



Hoor wat sê Paulus vir hulle: **Galasiërs 3:1;**

'o, Onverstandige Galasiërs, wie het julle betower om die waarheid nie gehoorsaam te wees nie'.

Soveel kerke vandag nog begin met 'n bonatuurlike openbaring van God. Sonder dit sal hulle in elk geval geen inpak op die wêreld hê nie. Hoeveel van die kerke wat jy ken beweeg nou nog in dieselfde krag as toe hulle begin het? Te min! Die menslike siel het die plaasvervanger vir God se krag geword. Vandag nog hardloop mense agter persone se charisma, talente en gawes aan en nie na die Naam van Jesus Christus nie. Die oomblik as ons mense vermaak, het ons die krag van God verloor.

**Markus 7:13;**

'So maak julle dan die woord van God kragteloos deur julle oorlewering wat julle bewaar het; en dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie.'

Kom ons kyk net weer: Mens is gees. Hy het 'n siel en woon in 'n liggaam. Die siel het 'n wettige reg in jou, maar dit kan nooit die funksie van die gees vervang nie. Die oomblik as ons ons vertrouwe plaas in ons eie vermoëns en krag, beweeg ons weg van die gees. Dis wanneer ons deur ons emosies, ons intellek en siel beheer word in plaas van deur jou menslike gees.

Godsdienstigheid en tradisie neem die plek van Heilige Gees. Ons word ongelukkig groot waar ons normaalweg beheer word deur wat ons sien, hoor, ruik en voel.

Dis so belangrik dat daar balans in ons moet wees. Balans tussen die kennis van Heilige Gees en dit wat God in jou wil doen.

Jy moet besef dat die enigste ding wat jou karakter kan bou, die krag van God is. Daarom is dit vir almal in die kerk, en dit sluit die leiers in, gevaarlik om hulle op te bou, sonder om met hulle karakter ook te werk.

Wees versigtig om nie net mense se probleme te hanteer en nooit by die wortels van hulle probleme uit te kom nie.

Genade is die heilige vermoë aan ons gegee, om te word wat God wil hê ons moet wees. Daar is soveel manne en vroue van God wat bonatuurlike bedieninge het, maar hulle karakter beperk hulle. Dis die rede waarom sulke mense later verwerp word in die kerk. Die tragedie is dat die bonatuurlike wat deur hulle moet vloei, nou ook verwerp word. As dit wat jy vir die kerk moet gee, skeef uitkom, is dit nutteloos.

As jy voel en weet dat jy iets het om vir die kerk te gee, het jy al gewonder waarom dit nie gebeur nie?

Hierdie is die jaar wat ons almal gaan werk aan ons karakter.

Glo jy dat jy hierdie jaar meer gebruik gaan word? Glo jy dat jy geestelik op 'n hoër vlak gaan beweeg? Vertrou jy God daarvoor? Laat daar balans kom tussen krag en karakter in jou.

### ***Johannes 14:12;***

'Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan'.

As jy besef dat dit ook waar is in jou eie lewe, kom ons bely dit aan God nou: 'Here Jesus Christus: Ek bely dat ek U krag vervang het met menslike pogings. Ek vra dat U my opnuut sal vul met U bonatuurlike krag. Here, ek het dit nodig. Ek het U nodig om my doel uit te leef hier op aarde. Ek vra dat U dit vir my nou sal doen. Ek vat dit in Jesus se Naam. AMEN.

Ons dien 'n bonatuurlike God, daarom moet ons self bonatuurlike dinge doen.

### **KRAG EN KARAKTER:**

Daar is soveel keer in die kerk gesê: 'Ek glo nie werklik in die krag van God nie, want die mens wat ek dit sien doen, het 'n

verkeerde karakter’.

Ons weet dat `n spesifieke karakter nie noodsaaklik is om die gawe van krag te kry nie. Dis egter ons plig om saam met dit te beweeg. Ons karakter moet so gevorm word dat dit kan vloei met die gawes van krag wat ons ontvang. Daar word twee dinge gesê:  
\* Jy het die bonatuurlike, maar daar skort iets met jou karakter. Jy bly jaloers, afgunstig, verwerp, minderwaardig, hardkoppig en eiewys.

\* Jy het soveel karakter, maar waar is die wonderwerke?

In die Bybel lees ons van mense wat bonatuurlike krag gehad het, maar gesukkel het met karakterfoute. Simson sal altyd onthou word as `n man van God, maar sy karakter het hom baie probleme gegee. Hy het altyd die regte ding op die verkeerde tyd gedoen!

### **KRAG EN OUTORITET:**

**Lukas 10:19;** Kyk, Ek gee aan julle die **mag** om op slange en skerpioene te trap, en oor al die **krag** van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie’.

Wat word bedoel met mag? Hierdie mag is die gesag wat bonatuurlik in jou is. Uit die vers kan ons sien daar is krag in die vyand. Die mag of gesag of outoriteit in jou is egter groter en sterker as die krag van die vyand, mits jy daarin kan funksioneer.  
Praktiese voorbeeld:

Daar is verkeersbeamptes aangestel om verkeer te beheer. Hulle word deur hulle departemente aangestel en tree op namens hulle. `n Verkeersbeampte lig eenvoudig sy hand en die verkeer kom tot stilstand. Hierdie man het geen fisiese krag om voertuie tot stilstand te bring nie. Hy het egter die mag en gesag van die departement wat hy dien. Al die bewegende voertuie en motorbestuurders erken dié mag wat hy het en gehoorsaam dit.

Mag is krag wat oorgedra is. Die vlak van outoriteit in jou, is 'n bewys van die bonatuurlike krag in jou. Hoe groter jou kragdimensie, hoe hoër sal jy in outoriteit staan.

Daarom is dit gevaarlik om krag te hê, maar geen outoriteit nie. Beywer jou daarom om in outoriteit te beweeg. Outoriteit is die vermoë om krag in ons vry te stel wat gaan lei tot Goddelike optrede. Dis jou lisensie vir bediening. Wat is? Outoriteit.

As ek krag het moet ek ook sorg dat ek die mag het om die duiwel weg te jaag. Dis waarom jy reg voor die duiwel kan gaan staan, jou hand oplik en vir hom sê om nie verder te beweeg nie, en hy moet na jou luister. Maak gebruik van jou mag.

God kan ook nadat Hy aanbid is en sy Woord gepreek is, kom om sy lering te bevestig met tekens en wonders.

Daar kan 'n wanbalans kom as slegs die Woord gepreek is, maar geen tyd ooit toegelaat word dat God meer as dit kan doen nie.

### **KRAG EN DIE OES:**

Ons is almal baie bewus van die oes wat ingebring moet word. Daar is in die kerk baie toegerustes wat die oes moet inbring.

Ongelukkig is daar ook baie wat by die Bokamer-ondervinding vashaak en nooit die oes inbring nie. Hulle het net nooit verder gegaan om in outoriteit te kom nie. Dis moontlik om vervul te wees met krag, maar altyd net tevrede te bly en in die kerkbanke te bly sit. Wanneer dit gebeur word ons so dikwels koud vir die dinge van God. Dis die aanklag van: 'Jy het jou eerste liefde verloor'. Daar moet altyd 'n balans wees tussen woorde en daede. Die Koninkryk van God kan alleenlik manifesteer as ons dit kan laat manifesteer in krag. 'n Bediening wat wonderwerke kan laat gebeur, maar nie die oes kan inbring nie, is nie besig om God se hele plan deur te voer nie.



# OPSTANDINGSKRAG

Jesus Christus word gekruisig. Op die derde dag word Hy opgewek. Opstandingskrag is die krag wat in werking was om Christus op te wek. Dis die krag van Heilige Gees.

Die opstandingskrag van Jesus Christus is wat elkeen van ons nodig het. Dit is die kragdimensie in jou wat ook in die Koninkryk van God sal wees in hierdie dae. Ek moet nie lewe net omdat ek in Christus glo nie, maar omdat ek Sy geloof kan gebruik om te bedien. 'n Gelowige se lewe in geloof begin die dag as hy in homself kan sterf van die wêreldse dinge wat nog in hom is. Elkeen van ons moet ook eers gekruisig word en daarna opstaan in 'n nuwe lewe. Dis waar die opstandingskrag in jou in kom.

## ***Galasiërs 2:20;***

'En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God'.

Ons kan nie in geloof wandel terwyl ons nog in 'n sondige staat lewe nie. Hierdie natuur in ons sal ons domineer en ons tyd kom steel. Die vlees in jou kan nie geloof produseer nie. Om in geloof te wandel is geestelik. Om in geloof te wandel beteken krag.

Om in sonde te lewe is ons natuurlike lewe. Dis waarom ons 'n behoefte het aan Jesus se geloof, nie ons eie nie.

Christus se geloof wat in ons is, is die opstandingskrag wat elkeen van ons begeer om in te wandel. As ek en jy die wêreld wil bereik moet ons hierdie krag hê.

## **Hoe kan ons dit kry?**

Godsdien wil dit met sekere reëls vir jou gee – dit werk nie.

Deur net te sterf aan onself, ontvang ons hierdie geloof en kan ons begin vloei in krag. Niemand kan in 'n kragdimensie beweeg as hy nie eers geloof ontvang het om dit te kan doen nie.

Kry jou eie godsdienstige kop net uit jou uit!

Dit was nog altyd Satan se groot plan om ons weg te hou van geloof. **Hoe het hy dit reggekry?**

Om ons te laat glo ons kan alles alleen doen. Terwyl jy onleerbaar is en te veel trots in jou het, sal jy kragteloos bly.

Jy moet by die punt kom waar jy weet: Gee meer van jouself en jy sal meer ontvang as wat jy gegee het. Die oomblik dat jy besef dat jy op jou eie nie hierdie krag en geloof kan kry nie, kan Heilige Gees met jou begin werk. As dit begin werk is jy skielik in 'n lewe waar alles vir jou moontlik is deur Christus Jesus.

Sonder geloof bly ons kragteloos.

Daar is 'n gesindheid wat by jou steel. Hoe word hierdie gesindheid aan mekaar oorgedra? Gewoonlik is dit woorde:

- \* 'Niemand sal my oortuig nie'.
- \* 'Ek sal dit op my eie uitwerk'.
- \* 'My tradisie het nie ruimte vir hierdie nuwe dinge nie'.
- \* 'My kerk het my nie geleer dat dit nodig is nie'.
- \* 'Niemand het nog ooit vir my gesê wat ek besig is om te doen is sonde nie. Wie is jy om dit vir my te kom vertel?'.

Nou is die vraag: Waarom bly die kerk kragteloos? Wel, dis die rede. Jy mag voel dat die wêreld probeer om jou te beperk. Ons moet losbreek van hierdie beperking wat op ons geplaas is en begin doen wat God se doel met ons lewe is. Weet dat die woorde wat jy sê belangrik is vir Jesus. Die woorde van jou mond kan óf vir jou tot seëning wees, óf tot vervloeking.

Baie gelowiges kom nooit by die krag uit net omdat hulle glo hulle kan dit regkry sonder om hulle eie ego's te kruisig.

Wat hulle oë sien is vir hulle 'n groter werklikheid as die onsigbare dinge. Die bonatuurlike ewige dimensie kan alleenlik gesien en geglo word deur God se geloof, nie deur die vlees nie. Daarom is geloof die bewys van opstandingskrag.

'n Mens moet 'n visie en 'n droom hê. Die armste man is nie 'n

man sonder geld nie – dis iemand sonder 'n droom.

Toe Jesus Christus gekruisig is, is die woord 'ONMOONTLIK' ook aan die kruis vasgeslaan. Dit is alleenlik deur die kruis en die opstanding dat ons kan beweeg in 'n bonatuurlike dimensie. Die oomblik toe Christus opgewek is uit die dood, het alles skielik moontlik geword vir elkeen wat glo. Nou het ons elkeen dieselfde lewe wat ook in Christus funksioneer.

Hierdie lewe in geloof gee aan ons 'n bonatuurlike perspektief waar ons besef: 'Alles is moontlik vir hom wat glo'.

Wat ons nou in geloof uitspreek en sê, sal gebeur, want ons doen dit vanuit 'n posisie van heerskappy saam met die Koning.

Vir die eerste keer besef ons: Ek kan dít word, wat ek glo ek kan.

Skielik kom ons agter: Die hemele verstaan nie meer die woord 'onmoontlik' nie. In ons is daar 'n krag wat genees, herstel, kan red en mense kan verander en vrymaak.

Christus lewe in ons deur Sy opstanding en ons is sy woonplek.

Hierdie permanente inwoning in ons is anders as die af-en-toe besoeke van die Ou Testament, waar God mense net besoek het vir kort rukkies op 'n slag. Hy is nou permanent in ons. Soos ons nou ander mense bedien kom die Here na hulle toe, deur ons.

In ons gebedslewe begin dinge ook verander.

Dit waarvoor jy nou bid kan onmiddellik gebeur. Ons kan nou ophou stry om te glo dat dinge sal gebeur. Al wat ons nou doen is om oor te gee, onself te verneder en toe te laat dat Jesus Sy lewe in ons lewe. Sy geloof en krag is nou in ons. Alhoewel die wêreld vol is van swaarkry, is dit ook vol van die oorkom daarvan.

Hierdie krag in ons laat ons by 'n plek kom waar ons nie meer vatbaar is vir siekte, kritiek, verwerping, onvergewensgesindheid, vrees en minderwaardigheid nie.

'n Oop hemel sal oor jou wees.

## **Om Christus se krag te ken: *Filippense 3:10*;**

'Sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde, terwyl ek aan sy dood gelykvormig word'.

Die woord 'ken' hier beteken: 'om dit te ondervind'.

Hierdie beteken dat daar 'n tyd moet kom dat ons 'n ondervinding met Jesus persoonlik moet hê. Paulus self het hierdie verhouding met Jesus begeer en hy kom gee dit nou aan ons.

Die woorde: 'Dat ek Hom kan ondervind (ken) en die krag van Sy opstanding' moet alles word in ons lewe.

Deur Hom te ondervind kan die volgende met ons gebeur:

Ons sal krag ontvang om:

- \* te heers – om heerskappy te neem oor sekere aardse areas.
- \* in salwing en krag te kan bedien.
- \* in geloof die krag te hê om wonderwerke te doen.
- \* vir outoriteit om in God se krag sekere plekke oor te neem.
- \* vir uithouvermoë om ons karakter te verander.
- \* vir sterkte en mag vir geestelike oorlogvoering.
- \* om voorspoedig te wees om geestelike rykdom te verkry.

Hierdie is die uitstorting van Heilige Gees in aksie in die Koninkrykslewe. Ons moet 'n persoon kan uitken wat al 'n ondervinding met die opstandingskrag van Jesus gehad het. So 'n persoon sal kan getuig van die nuwe dimensies van alles in sy lewe.

As ons 'n openbaring of 'n ondervinding met hierdie krag gehad het, sal niemand jou ooit weer kan vertel dat daar dinge is wat God nie kan doen nie. Wat vir ons moontlik is as individu, is ons vermoë om te glo. Ek glo werklik ek is tot alles in staat deur die krag wat Christus my gee.

Ek word baie gevra of ek nie bang is vir die erge demoniese magte waarteen ek die hele tyd in outoriteit moet staan nie.

Maar daar is 'n voorwaarde:



**As** jy in outoriteit beweeg kan niks verkeerd gaan nie. Glo en tree op asof dit onmoontlik is om te verloor.

As 'n mens genoeg moed kan bymekaar skraap om te begin, het jy genoeg moed om klaar te maak en sukses te behaal.

Daar is baie Godsgeleerdes wat praat oor God se krag, maar wat dit nog nooit werklik gesien of ondervind het nie.

Hierdie mense het nog nooit 'n wonderwerk gesien nie. Daarom al die twyfel. Hulle twyfel werklik of God nog wonderwerke kan doen. Jy sal dit herken daaraan dat hulle net nooit oor hierdie dinge praat of skryf nie. Dis een van die redes dat so baie van die bonatuurlike werking van Heilige Gees afgemaak word as 'onmoontlik' of selfs 'toordery'.

As ons eers 'n ondervinding van die bonatuurlike gehad het sal ons nooit weer kan stilbly nie. Die getuienis daarvan sal altyd uitgedra word. So 'n suksesvolle lewe gebeur nie net nie – dit word gebou. Die krag waarvan ons praat word nou deur God vrygestel omdat dit die tyd is om te Bruid voor te berei. Ons moet een van hierdie dae voor God kan staan sonder kolle of kreukels in ons klere. Ons moet rein wees.

Kom ons som op:

Die groot opdrag is om hierdie krag te gebruik om die boodskap van die Koninkryk van God regoor die wêreld te neem.

Die tweede ding is om hulle wat alreeds gered is toe te rus vir die taak wat voor hulle lê – hulle dienswerk.

Mag die hemele bokant jou oopgaan.

Mag Hy jou genees en jou bevry.

Mag Sy vrede saam met jou wees. Amen.

.....

# EINDTYD-KERK EN OOP HEMEL:

Toe Jesus Christus Sy bediening begin gebeur daar iets bonatuurliks. Hy kon Sy bediening net begin het en begin wonderwerke doen, maar hy het gewet dat daar protokol is waaraan alles moet voldoen.

Jesus Christus: Jesus is die Lam, Christus is die Leeu. Jesus is die liggaam en die siel. Christus is die Gees-mens en God.

Jesus is gebore 2000 jaar gelede, Christus is nooit gebore nie, Hy is nog altyd deel van die Drie-enige God.

Jesus die Lam, beweeg op aarde met 'n Leeu wat vir 30 jaar dormant in Hom is. Toe Jesus beseft dat dit tyd is vir Hom om te begin bedien, moes die Leeu wat binne-in Hom was opstaan. Hy gaan daarvoor af na die Jordaanrivier.

Jesus die Lam stap in die water in om gedoop te word deur Johannes die Doper. Die oomblik toe Jesus Christus uit die water opgeklim het, het Christus, die Leeu ontwaak in Hom en oorge- neem. Jesus Christus was nou gereed vir Sy bediening.

Jesus kies om in die Jordaan gedoop te word.

Hoekom was daardie plek in die Jordaanrivier belangrik?

Moses het die volk deur die Rooisee laat gaan. Josua neem die Israeliete op hierdie plek deur die Jordaanrivier.

Saam met hom was die Ark van die Verbond – binne in die rivier.

Tydens hierdie deurtog het die water oopgegaan en 'n 'Oop hemel' is hier die eerste keer geskep. 'Oop hemel' is baie hoër en belangriker as salwing en bekragtiging.

Ons as mense moet een ding beseft:

Ons moet ook in 'n hoër vlak van salwing en bekragtiging beweeg. Die vlak van Oop hemel is die hoogste vlak van gawes en bediening. In elkeen van ons moet die leeu ook ontwaak.

Nog voorbeelde waar die hemel oopgegaan het:

\* **Esegiël 1:1;** 'Toe ek onder die ballinge was, is die hemele geopen en het ek gesigte van God gesien'.

\* **Handelinge 7:55-56;** 'Stéfanus was vol van Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlijkheid van God gesien en Jesus sien staan aan die regterhand van God. En hy het gesê: Kyk, ek sien die hemele geopen'.

Hoe kom ons in die realm van Oop hemel? Dit kan net van self met ons gebeur, maar definitief ook met waterdoop as jou bediening moet begin. Jesus het nie afgegaan om gedoop te word as 'n nuwe bekeerling nie. Hy was lankal reeds 'n Man van God'.

In die begin weier Johannes om Hom te doop. Jesus sê aan Hom: Doen dit sodat ons alle geregtigheid en die wet kan vervul. Watter wet? Die wet van Moses het nooit iets oor die doop gesê nie. Nee, dit was die geestelike wet wat vervul moes word. Tydens die doop in die Jordaan staan die Leeu op in Jesus Christus. Jesus die Lam het in die water ingegaan. Christus die Leeu het uitgekom. Die hemel het oopgegaan en Heilige Gees het met krag op Hom neergedaal en God die Vader het gepraat. Die Drie-einigheid van God het op aarde bymekaar gekom.

Die Bybel sê: 'En meteens gaan die hemele **vir Hom oop**'.

Dit is die hoogste vorm van bediening. In die bediening van die kerk oor al die jare het ons bedien deur gawes en salwing. Die dimensie van Oop hemel het nou eers vir ons 'n werklikheid geword. Omdat dit nou oral gebeur word die woorde van Jesus Christus vir ons moontlik toe Hy gesê het: 'Meer as Ek, sal julle nou doen.' Tydens die bediening van Jesus Christus het Hy baie wonderwerke gedoen deur die salwing en bekragtiging. Daar was egter geleent-hede waar Hy hemelwaarts gekyk het tydens wonderwerke. Dit was wanneer daar die hoogste vlak van bediening nodig was.

Tydens die vermeerdeing van die brode met die 5000 mense wat gevoed is, het Jesus opgekyk in die Oop-hemel dimensie in. Dit kon die bonatuurlike laat gebeur. Salwing alleen kon nie brood maak nie. Vir Jesus was dit moontlik deur die kontak met die bonatuurlike. Toe Hy ook vir Lasarus gebid het, het Hy hemelwaarts gekyk. Net salwing alleen maak nie mense weer lewendig nie.

Die beginsel bly vir ons tans dieselfde. Daar is wonderwerke en dimensies van gawes deur salwing en bekragtiging. Dan gaan daar dinge gebeur wat alleenlik moontlik is deur Oop-hemel. Dit sal 'kreatiewe wonderwerke' genoem word.

Dit is ook moontlik dat ons eie wonings en bidkamers onder Oop-hemel kan wees. Die vaders van huisgesinne moet daarvoor bid. Die vier hoeke van jou erf moet hemelwaarts gefokus word. Daar moet dan 'n opening bokant jou huis oopgaan in die hemel. Ons lees daarvan toe Jakob 'n leer gesien het wat tot in die Hemel gestrek het, met engele wat daarop op en af gaan. Dit moet in ons huise wees sodat engele ons kan bedien en vir ons boodskappe kan bring. Wie was die leer wat tot in die hemel gegaan het? Jesus Christus self.

As ons kyk na Oop-hemel, wat beteken dit vir ons? Oop-hemel is 'n dimensie dieper as ons derde dimensie. Dis 'n dimensie hoër as salwing en bekragtiging. Dit is waarheen ons almal op pad heen moet wees. Wonderwerke moet saam met ons gaan.

Hoe gaan ons daar kom? Deur genade en genade alleen. Geen menslike poging nie. Daar sal 'n tyd kom waar die hemel deur genade sal oopgaan. Jy hoef niks te doen daarvoor nie. Ontvang dit net. Tekens en wonders sal jou daarna volg. Moet net nie probeer om openbaring in jou lewe te forseer nie – dit sal vanself gebeur.

Waarheen is ons op pad? Besig om in die tydperk van die Eindtyd-kerk in te beweeg.

Hierdie hele beweging sal deur Heilige Gees gedoen word, deur die dimensie van Oop-hemel. Iets wat baie hoër is as waaraan ons gewoond is. In hierdie tyd sien jy manne en vroue wat opstaan in bediening. Mense gekies deur God om dit te doen, maar hulle word moeg. Dis soos die olie van jou motor se enjin. As dit nie voortdurend verander word nie sal dit later probleme gee. Daar is genoeg olie in jou, maar dis oud en swart. Kyk om jou. Jy sal manne en vroue sien wat soveel talent het, maar hulle word moeg en raak uitgebrand. Die oomblik dat ons in Oop-hemel begin beweeg, sal ons bly staan.

Kom ons gaan terug na Jesus Christus toe.

Toe Jesus Christus die tuin van Getsémané binnegegaan het, was Sy dissipels saam met Hom. Hy laat hulle alleen en neem drie saam met Hom. Petrus, Jakobus en Johannes.

Christus was die Leeu. Al die salwing en die bekragtiging was in Hom. So sou hulle Hom nooit gevangene kon neem nie. Niemand sou aan Hom kon raak nie. Hy moes die swaar bekragtiging van die Leeu laat gaan om weer as die Lam gekruisig te kon word.

Hy gaan eenkant toe om dit te doen. Terwyl Hy die salwing laat gaan is dit so erg dat Hy bloed sweet. Deur Sy vel, deur Sy murg, uit Sy binneste vloei die salwing – dis so erg dat Sy sweet bloed word. Stelselmatig vloei die krag uit Hom uit.

Hy is weer besig om die Lam te word.

Die drie apostels, Petrus, Johannes en Jakobus, wat naby Hom was, sou nou hierdie salwing begin ontvang van Vader, Seun en Gees. Hulle slaap, onbewus van wat gebeur. Tydens die laaste Avondmaal voordat hulle Getsémané toe is, het Jesus die beker geneem en die brood. Van die beker sê Hy: Hier-die is My bloed. Van die brood: Hierdie is My liggaam. Vader God kom spesiaal af om hierdie laaste maaltyd by te woon. Jesus sê: Hy kom berei die tafel vir my in die teenwoordigheid van my vyande.

Elke demoniese mag en demoniese gees het afgekom om te kyk hoe Jesus Sy laaste maaltyd eet.

Jesus sluit hier 'n verbond met Sy dissipels met Sy vlees en Sy bloed. Hy het ook hulle voete gewas. Hy verander hulle DNA om soos syne te wees. Hulle bloed verander om soos God s'n te wees. God in die hemel wat afkom aarde toe as Emmanuel, God met ons.

Dis dieselfde met ons as mense. Daar is 'n verskil tussen dié wat al 'n gebed gebid het en gered is en dié wat wedergebore is. Om die gebed van bekering te bid is net die begin van 'n nuwe lewe. As jy op hierdie vlak lewe en eindig sal jy eendag hemel toe gaan.

Die wedergeborenes is dié wat aangegaan het na redding om vervul te word met Heilige Gees. As jy vervul word met die Gees, verander jou DNA en bloed om soos God s'n te wees. Die gevolg is dat jy kan begin leef in die Koninkryk van God al hier op aarde. Wedergeboorte is vir hulle wat ernstig wil wees met God.

Die woorde: 'Jy moet weer gebore word' verskyn net een keer in die Bybel in Johannes 3:3. Dit word gesê vir Nikodemus, 'n man-van-God. Nikodemus was nie sommer net 'n leke-prediker nie. Hy was 'n gerespekteerde en outoritêre man-van-God wat so graag wou doen wat Jesus gedoen het. Dit is waarom hy in die nag na Jesus toe kom en onthou, Jesus laat hom toe om dit te doen. Wat Jesus vir hom? As jy nie weer gebore word nie – as jy nie gaan toelaat dat God jou DNA verander en Sy Gees in jou laat inkom nie, sal jy die koninkryk van God nie sien nie.

Wat gebeur in Getsémané? Jesus gaan lê op Sy aangesig en sê: 'My Vader, omdat ons die Krag wil hê om te kan vergewe, gee aan My nou die beker, want dit is wat ons albei begeer. Laat dit nou so wees'.

Jesus het nooit getwyfel oor wat Hy moes doen nie.

Hy het geweet dat Hy en Vader wil hê dat dit so moet wees. Dit was nooit net God se wil gewees nie. Toe Hy die tweede maal gaan bid, sê Hy: 'My Vader, Ek weet dat hierdie beker nooit aan My gegee sal word, as ek nie kies om dit te drink nie. Nou kan U manier van redding voltooi word'.

Jesus staan later voor Kájafas, die hoëpriester.

Kájafas vra vir Hom: 'Is U die Christus, die Seun van God?'

Jesus antwoord hom: 'U het dit reg gesê. Maar, Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit **as** die Regterhand van God (nie **aan**), die Enigste Almagtige Krag, wat kom in die ewige prag en grootsheid van die Hemele'.

Jesus Christus sterf aan die kruis. Sy laaste woorde: 'Almagtige Vader, nou sal Ek U belofte aan ons geliefdes vervul'.

Wie het Jesus Christus gekruisig? Sy liefde vir ons het. Nie die Romeine of die Joodse Raad nie. Liefde het.

'n Spies word later in Sy sy ingedruk, presies op die plek in Adam waar Eva uitgekom het. Jesus se liggaam word oopgesteek en water en bloed kom uit. Water en bloed kom uit as 'n baba gebore word. Die tyd is hier dat die kerk gebore moet word.

Wat is 'n eindtyd-kerk?

Dis 'n apostoliese profetiese kerk. Christene wat beweeg in die dimensie van oop hemel. Dit beweeg in die bonatuurlike. Die energie wat hier vrygestel word is God se energie. Daardie kerk het alreeds begin. Dit beweeg in die hoër dimensie van Elia. Terwyl Elia so beweeg het, het hemele oopgegaan.

Daardie vlak het nou alreeds begin.

Dit sal daaraan herken word dat gewone mense deur Jesus gebruik sal word om bonatuurlike dinge te doen.

Die tyd het aangebreek van 'en groter dinge as wat Ek gedoen het, sal julle doen.'

Wat het met die eerste kerk gebeur?

Jesus het baie duidelik aan hulle gesê: 'Trap op skerpioene en slange in My Naam! Leer die volgelinge en soekers in die kerk om dit te doen.' Die apostels het egter nooit oorlogvoering gedoen het nie. Hulle het nooit op Satan en sy demone getrap nie. Dit het die duiwel tyd gegee om te hergroepeer en slange en skerpioene het die kerk toegemaak na die apostels. Die kerk kon nooit weerstand daarna bied teen bese geeste nie en die kragte van die duisternis het hulle oorweldig en stilgemaak.

Wat is die doel van kerk vandag? Ons moet verseker meer doen as die eerste kerk. Wêreldwyd kom die kerk nie eers uit by die eerste kerk se poging nie. Wat nog van 'n hoër vlak?

Dit gaan nie gebeur sonder wilskrag nie. Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees sê die Here.

Die groot probleem is dat die kerk na Pinkster nooit presies geweet het hoeveel krag daar werklik in 'n kind van God geplaas is nie. God het dit klaar gegee – ons moet dit net nou doen. Elkeen van ons moet deur 'n tyd van emosionele en geestelike genesing gaan. Daarna moet genesing, bevryding en herstel deel van ons bediening wees.

.....

## **'N GEESTELIKE LEWENSTYL**

As ons kyk na lewenstyle wat in orde is, moet ons begin by 'n kind. Daar is sekere reëls en regulasies by die huis en almal moet voldoen daaraan. Dit moet later 'n lewenswyse word. As dit aand word gaan ek my kind bad, dan eet, dan 'n storie lees en dan slaap. Dis orde. Wat gebeur as die familie nie hou daarby nie? Chaos in die huis.



Dieselfde gebeur met jou vriendekring. Hoe ek leef en optree, kan nie meer verander nie. As kennis nie daarmee tevrede is nie, dan gaan ek net aan op my manier. Dit het by my 'n lewenstyl geword en gaan nie meer verander nie.

Net so weet ons almal dat dieëit nie veel beteken nie. As jy dit kan regkry dat dit jou lewenstyl word, sal jy wen.

Die tyd het gekom waar ons onself onvoorwaardelik moet oorgee aan die hele doelwit wat God vir ons het.

God se doel vir die mens is om die voorbeeld van Jesus na te volg sodat ons toegang kan kry tot Sy geestelike lewenstyl.

Dit gaan van ons as gelowiges afhang of ons die koninkryke van hierdie wêreld kan verander in die Koninkryk van God.

Die oomblik dat ons self hier in die Koninkryk van God kan beweeg, sal ons die wonderwerke begin beleef wat daarmee saamgaan. Daar gaan elke week mense na die kerk toe kom wat desperaat is. Hulle is deur dokters so min tyd nog gegun, maar God wil 'n wonderwerk in hulle lewe laat gebeur, en Hy wil ons ook daarvoor gebruik.

Die komende herlewing gaan gepaard gaan met tekens en wonders. Ons sal sien hoe die koninkryk van God in mense se liggame gaan indring en hulle gesond ander kant sal laat uitstap.

Kom dit al huidiglik oral in die kerk voor? Nee, nog nie!

Christene sal hulle denke moet verander vir die onmoontlike, vir dit om te begin gebeur. Ons moet nou al begin om dit te sien.

Ons moet in die kerk terugkeer na die werklikheid soos dit met Jesus was.

Ons sal nou ons hande in eie boesem moet steek. Vir te lank het ons nou kerk gehou en nie wonderwerke gesien nie. Daar is soveel gebid vir genesing en verlossing maar daar was net te min deurbrake. Ons het almal die regte leerstellings gehad, maar nie altyd die regte toepassing daarvan nie.

God is opnuut besig om 'n pad te loop met Sy kerk om vir ons te wys hoe die normale Christelike lewe eintlik moet wees.

Die oorspronklike plan wat God vir ons almal gehad het om in Sy koninkryk in te kom, is waarheen Hy Sy kerk terugneem.

Elke Christen is gemaak met 'n hongerte na die onmoontlike.

Hierdie honger kan nie ignoreer word nie.

**Psalm 23:** 'Hy berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders'. Dis 'n tafel vir twee, in die wildernis.

Die voedsel is die eenheid met Christus. Hierdie tafel is die plek waar ons honger vir Hom bevredig word.

Die normale Christelike lewe moet gaan oor geestelike onder-  
vindinge, verlossing van die bese en wonderwerke. Die gevolg  
daarvan sal liefde, vrede en vreugde onder ons wees.

Geestelike openbaring moet deur Heilige Gees in ons almal wees.

Ons kan nie net tevrede wees met wat ons elke dag **nie sien nie!**

Omdat Christene nie normaalweg aan die bonatuurlike verbind is  
nie, gee soveel frustrasie. Ons hoor net van dinge wat op ander  
plekke gebeur, maar self het ons droogte. Ons moet groot drome  
begin droom en waag om na dieper water te gaan.

Span julle seile laat ons uitvaar en nuwe horisonne gaan soek.

Al weet ons nie presies hoe nie – weet ons dat God ons sal lei.

God het ons belowe dat hier aan die einde sal Hy Sy Gees oor ons  
almal sal uitstort. Die werklikheid van die koninkryk van God is  
deel daarvan. Ons is so lank beroof van die werklikheid deur  
verkeerde lering en nuttelose godsdiens.

Ons leef in 'n tyd waarin mense in groot groepe soek na die  
vervulling van God in hul lewens.

Sodoende vervul hulle ook God se doel vir die mens op aarde.

Daar is egter ook baie verwarring onder Christene. As jy hulle  
vra, weet hulself nie regtig wat God se doel op aarde is nie.

Die antwoord : 'Moet ons nie maar almal net probeer om in die hemel te kom nie', mag nooit jou antwoord wees nie.

Die vraag om te antwoord is: 'Wat is God se wil?'

Wil jy Hom regtig hê? Wil jy regtig alles hê wat Hy aanbied?

Om werklik effektief te wees moet ons verder gaan as die normale Christelike lewe wat ons ken.

Jou groot doel moet wees om die teenwoordigheid van Heilige Gees groter te maak in jou. Jy moet werklik wedergebore word met klem op sonde-vergifnis. Daarna moet jy die vervulling met Heilige Gees ontvang. Dis al manier hoe die koninkryk van die hemele in jou kan lewe. Daarna moet jy groei sodat jy die koninkryk van die hemele in jou kan uitgee sodat die koninkryk van God op aarde kan kom.

Soveel kom tot op die punt waar die koninkryk van die hemele in hul kom, maar sukkel om daardie laaste stap in geloof te neem om hoër te gaan. Dis hier waar ons die geloof van God moet hê. Die besef moet in ons inkom dat ons hier op aarde is om God se wil hier te doen soos wat dit in die hemel gedoen word.

Die wil van God is eenvoudiger as wat ons dink. Jesus het dit vir ons kom leer in **Mattheus 6:9-10**; 'Onse Vader in die hemele, laat u Naam geheilig word. Laat u koninkryk kom. Laat u wil geskied soos in die hemel net so op die aarde'.

Die wil van God is eenvoudig die volgende: Laat u wil hier op aarde uitgevoer word soos in die hemel. God hou nie Sy begeertes geheim nie. Hy wil hê dat die werklikheid van die hemel hierdie opstandige en verskeurde wêreld moet inneem en verander om dit onder Sy heerskappy te bring.

Wat is toegelaat in die hemel? Liefde, vrede, gesondheid en oorwinning. Hierdie dinge behoort vrylik hier op aarde ook te werk. Ook in jou huis, by jou werk, in jou kerk, in jou skool.

Wat is nie toegelaat om in die hemel te werk nie? Siekte, sonde, verlawing, geestelike bindinge. Hierdie dinge behoort dan nie vry te wees om hier te kan werk nie! Dis God se wil dat ons hier op aarde, soos in die hemel, die werke van die duiwel moet vernietig. Dit is die manier hoe om te leef!

Wat gaan gebeur wanneer ons dit ons roeping maak?  
Lewens gaan vrygemaak word, liggame gaan herstel word, verlawings gaan verbreek word, duisternis sal uit mense se denke verdwyn en die heerskappy van die vyand sal op elke manier oorwin word. Die gevolge? Besighede sal weer groei, verhoudings gaan weer herstel word, kerke sal groei en misdaad sal afneem.

Prakties gaan dit ook gebeur soos met ons afgelope bediening in Mosambiek. Tydens die bediening het seshonderd mense in die kerk vrygekome van die binding van sataniese inisiasie. Hierdie mense is as baba's na toordokters en sataniste toe geneem wat hulle snymerke op die baba's gemaak het. Daarna het hulle die druppel bloed wat uitkom van hul vingers afgelek. So is die baba's se lewens vir Satan geëis. Hier is hulle nou almal in die kerk, maar daar is 'n band wat hulle verhoed om geestelik te groei en vervulling met Heilige Gees te ontvang. Die oomblik as hierdie binding oor hul lewe gebreek word, is daar manifestasie. Daarna word vir hulle gebid en hulle word vervul met Heilige Gees en met talespraak. Hierdie emosionele bevryding en verlossing moet elke dag deel van ons lewe wees.

Dis die bonatuurlike geestelike lewenstyl waarvan ek praat. Dit moet egter eers in jou gebeur, voordat jy dit kan gaan uitdeel aan ander. In praktyk word die koninkryk van God so gevestig. Daar moet 'n bonatuurlike ingryping wees. Dit gee altyd resultate.

## **Om die wil van God te bewys:**

Een van die hooffunksies van wonderwerke en van 'n geestelike lewe is om bewys te lewer aan die wêreld en aan die kerk van wat God wil hê moet op aarde gebeur. As ons kan openbaar hoe Hy werklik lyk, sal almal kan sien wie God waarlik is.

**Romeine 12:2;** 'En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, **maar word verander** deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is'.

Ten einde vir die koninkryk van nut te wees, moet ons hervorm word. Die woorde: 'Word verander / word hervorm..' sien ons ook op die berg van verheerliking. Ons vind 'n beduidenis van wat dit beteken wanneer ons na die verheerliking van Jesus kyk toe Hy met Moses en Elia gepraat het. Die werklikheid van die hemel – 'n skitterende werklikheid – het uit Jesus gestraal.

Sy liggaam het die werklikheid van 'n ander realiteit geopenbaar.

Die woord wat hier gebruik word om die verandering in Jesus se voorkoms te beskryf, is presies dieselfde woord as wat ons lees in Romeine 'maar word verander'.

Die denke wat vernuwe is, reflekteer dus die werklikheid van 'n ander wêreld op dieselfde wyse as wat Jesus met die skitterende helderheid van die hemel geskyn het. Dit is nie slegs ons denke wat anders is nie, maar ook die wyse waarop ons dink en leef.

Het jy al ooit gedink dat een van jou take hier op aarde is om die wil van God te bewys? Om vir ander mense te wys hoe God regtig is? Om Hom toe te laat om die vyand se werke deur jou nietig te maak?

Ons moet nie slegs die regte dinge glo nie, ons moet aan mense God se wil openbaar. Om mense te genees, te verlos, te herstel en hulle probleme op te los, gee aan mense bewys wie God is.

God het nog nooit afgesien van wat Hy vir ons op aarde begeer nie. Sy doel is dat ons Sy koninkryk moet uitbrei. Die koninkryks-werklikheid moet die werke van die duiwel oorweldig. Dit is die normale Christelike lewe.

As jy baie uitgaan om te bedien dan kom die volgende by jou op: Word jy nooit moeg daarvoor om van 'n evangelie van krag te praat sonder om dit ooit in aksie te sien nie? Word jy nie moeg daarvoor om te probeer om die Groot Opdrag uit te voer sonder om ooit 'n bewys te sien dat die koninkryk werk nie?

Om terug te keer na daardie oorspronklike opdrag, moet ons eers die wyse waarop ons dink radikaal verander. Hierdie is die uitdaging wat nou vir my en vir jou voorlê.

Ons kan nie toelaat dat ons 'n lewe lei wat deur duisternis beïnvloed word nie. As ons dit doen sal duisternis 'n rol speel in die opstel van die agenda van my lewe. Dit mag nooit toegelaat word nie. Jesus het alleenlik geleef in reaksie op wat die Vader doen. Ons moet leer om dieselfde te doen. Mag God vir ons Sy genade gee om dit deur te voer.

.....

## **DIE KONINKRYK EN BOSE MAGTE**

In die boek Openbaring vra Jesus vir Johannes om die boodskappe te skryf aan die engel van elkeen van die sewe gemeentes in Asië. Waarom die engel? Wel, kerke word begin met 'n doel. Manne in die kerk kom en gaan. Oor jare is sommiges goed, ander sleg, maar die engel van elke gemeente hou aan om te leef. Hierdie engel word in beheer gestel oor die aangesteldes van daardie kerk. Hy is die 'engel van daardie huis' en is ewig.

Vir elke gemeente is daar 'n boekrol ('scroll') deur God gegee. Die gemeente van Efese byvoorbeeld bestaan nou al 2000 jaar. Die boekrol van die gemeente moet deur hierdie engel van geslag tot geslag oorgedra word en gegee word aan die verantwoordelike manne en vroue van daardie generasie. Die probleem in die kerk van Efese het gekom toe dit agv Moslem-beheer van die land, die afgelope duisend jaar nie meer funksioneer nie. Vandag nog is dit so belangrik: As 'n kerk nie funksioneer soos wat God dit wil hê nie, kom dit geestelik tot stilstand.

Die engel bou nie die kerk nie, maar is verantwoordelik vir die voort-bestaan van Jesus se oorspronklike plan vir die gemeente en moet die septer van daardie kerk van geslag tot geslag oordra. Dit verhoed dat Jesus se plan nie deur sekere generasies verlore kan gaan nie, al is daar vervolging en verdrukking.

Soveel kerke het so goed begin en God se plan uitgeleef. Dan was daar ook seisoene in hierdie kerke waar die oorspronklike doel onder druk was. Soms deur leiers se onbevoegdheid, soms deur politiek, soms deur twis en tweedrag en soms deur die jaag van geld.

Presies dieselfde gebeur ook in hierdie kerk van ons. God het hierdie gemeente gebou met 'n spesifieke doel. Hy het gekom en dit persoonlik self kom doen. Die oorspronklike boekrol vir ons kerk is aan die huisengel van hierdie gemeente gegee.

Hy sal sorg dat alles wat hier beplan is, sal voortbestaan, al is ek nie hier nie. Dis die beginsel van God se plan.

Julle wat hier is en die oorspronklike plan van die kerk ken, sal net moet voortgaan soos normaal.

Dit beteken egter dat die engel verantwoordelik gehou word hiervoor en dat ons van geslag tot geslag by hom moet hoor wat hierdie plan is. Daar moet kommunikasie wees.

Nou, in jou eie lewe, het jy al toegegee aan Jesus se plan wat in jou boekrol staan? 'n Ewige toekoms is ook vir jou persoonlik beplan, maar ook vir jou familie wat na jou moet kom. Dit wag om in vervulling te kom. Wat in jou begin is, moet ten volle voleindig word. Getroue engele is aangesê om jou toekoms te bewaar vir jou en jou nageslag. Hulle wag net dat jy sal instap daarin. Het dit al begin?

Jesus Christus het aarde toe gekom om die Verlosser te word. Vandag sit Hy in die hemele op Sy troon as die Koning van konings. Hy wag dat ek en jy ons ampte as konings hier op aarde sal inneem. Wat het dit vanaf die ewige verlede probeer verhoed? Die bese.

Ons moet bese dat engele en bese geeste 'n werklikheid is. Aan die een kant is daar engele, wat nog altyd getrou was aan Christus. Bese geeste was ook eers engele gewees. Hulle opstandigheid en misleiding het hulle verander in bese geeste. Engele en bese geeste is nie 'iets' nie, dis 'iemand'. As misleiding al vir Adam en Eva kon vang, hoeveel te meer nie ons nie.

In Sy bediening het Jesus Christus duidelik aan die wêreld getoon dat Hy volle gesag gehad het oor bese geeste en het Hy baie mense daarvan bevry.

Hy het ook aan gelowiges hierdie gesag gegee om bese geeste uit te dryf. Na die uitstorting van Heilige Gees het daar in die vroeë kerk groot bedieninge ontstaan wat bevryding gedoen het.

Die bevryding van mense uit gebondenheid was nog altyd een van Jesus se grootste begeertes vir die kerk. Dit is nog altyd een van die kragtigste getuïenisse dat Jesus die Koning is.

Johannes die Doper het die weg voorberei met die prediking in **Mattheus 3:1,2**; 'In daardie dae het Johannes die Doper opgetree en in die woestyn van Judéa gepreek en gesê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom'.



Met Jesus se koms het die koninkryk 'n werklikheid geword.

Hy het gesê in **Mattheus 12:28;**

'Maar as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom'.

Jesus het definitief die vermoë om demone te oorwin aan die koms van die koninkryk gekoppel.

In die Ou Testament het niemand dit ooit kon doen nie.

Jesus as Koning van Sy koninkryk begin dit en daarna verwag Hy dat die kinders – die seuns van God, daarmee sal voortgaan.

Hy stuur twaalf dissipels uit met die opdrag in **Mattheus 10:7,8;**

'En gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom. Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee'.

God kom Sy heerskappy op aarde vestig. Een groot werklikheid wat dit bewys is toe Hy die mag van die bose oor mense gebreek het. Dis 'n aanduiding van die koninkryk van Christus wat moet begin oor die gebroke mensdom. Hoekom moet dit begin?

Alles dui op die oes wat moet inkom.

Hoe lyk die wêreld tans?

**1 Johannes 5:19;**

'Ons weet dat die hele wêreld in die mag van die Bose lê'.

Die eindtyd-kerk het dit as doel om hierdie mag te breek en die wêreld terug te wen vir Christus. Hoe sal dit gebeur?

Slegs wanneer een wat sterker is kom. Hy sal die sterkman kan aanval en hom oorwin. Jesus is dié een na wie die Bybel verwys as 'die een wat sterker is'.

Ons weet dat siekte, vernietiging, verwoesting, pyn en demoniese magte wat heers oor mense, die tekens van die ryk van die sterkman is.

Die oomblik wanneer ons genees, verlos en bevry word, het die Koninkryk van God sigbaar geword.

Ons moet besef dat dit is waarom alles gaan.

Wêreldwyd word die teenwoordigheid van demone en die bose verwerp deur die kerk. Dis nog altyd verbasend dat die kerk wêreldwyd twyfel in engele en jou niks wil leer oor die bose nie. As jy so ingestel wil bly, sal die engel wat God oor jou aangestel het, nooit jou werklike roeping aan jou kan gee nie.

Jesus het 'n doel hier op aarde gehad.

Vandag is ons in Hom en wil ons so graag doen wat Hy gedoen het. **1 Johannes 3:8**; 'Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek'.

Om met bose gebondenheid te sukkel is volgens die Skrif die bewys van bose heerskappy oor ons. Die oomblik wanneer ons begin heers as seuns van God, is God se ryk gevestig.

**Openbaring 11:15**; 'Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid'.

Mense, ons moet ophou twyfel of ons deel is hiervan.

Ons moet ophou twyfel of God nie dalk wil hê elkeen van ons moet iets begin doen nie. Dis die tyd waarin God sê: Moet nie aan hierdie wêreld gelykvormig word nie, maar vernuwe julle gedagtes. Hy gee ook Sy belofte: 'Ek gaan my Gees oor julle almal uitstort. Luister na Hom'.

### **Hoe het ons almal voorheen gelyk?**

Kyk na jouself en wonder of jy nie dalk al verander het nie.

In die verlede was almal van ons wat nou Christene is, geestelik dood gewees. Ek self was 36 jaar lank geestelik dood!

Hoe het ons geleef?

**Efesiërs 2:1,2**; 'En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het

volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk'.

Dis waarom Jesus ons geleer het om te bid: 'Maar verlos ons van die bese!' As daar nie iets soos demone is nie, dan maak dit tog hierdie gebed van Jesus nutteloos. Dis juis waarom Hy ons kom waarsku en sê: Wees waaksaam. 'Die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind'.

Moet nie dat iemand julle mislei met leë filosofieë en mooi-klinkende woorde wat kom van menslike gedagtes nie.

Die meeste daarvan kom van die aardse geestelike realm en nie van Christus af nie. In Christus leef jy met al die volheid van God in jou menslike liggaam. Daarom is jy volkome gemaak deur die eenheid met Christus, wat die hoof is oor elke leier en outoriteit op aarde.

Daar het die afgelope jaar soveel gebeur in die geestelike dimensie. Dit wat aan ons belowe is, gaan in hierdie tyd vrygestel word. Sodra mense dit begin hoor, weet ons dat ons verskillende reaksies sal sien. Daar sal altyd dié wees wat elke nuwe openbaring gaan vasgryp en daarmee begin loop. Ander gaan weer vassit in godsdienst, fout soek en kritiseer en dalk die hele beweging en volheid van God totaal mis.

Mense, ons wat al hierdie dinge weet moet heel eerste manifesteer in die beeld van God. Waarin openbaar God homself? Hy kan homself alleenlik openbaar waar daar 'n refleksie van Hom is. Op geen ander plek nie, want hy soek mense wat 'n ewebeeld van hom is.

Soos wat elkeen sy posisie in die kerk gaan inneem, moet elkeen word wat sy en haar bediening is. Dit gaan nie oor eie eer nie, dit gaan oor Jesus Christus.

As jy geroep is om berading te doen, doen dit dan asof jy dit vir God doen. Hy het jou hier aangestel, nie mense nie. Hulle is wel instumente, en dis al. Daar is vir almal 'n hoër roeping en salwing op hulle lewe. Baie mense gaan elke dag hemel toe, maar as ek niemand saam- neem nie, beteken dit te min.

Die Here wil Sy heerlijkheid nou uitstort op die aarde. Hy wil dit laat uitkom en daarom moet ons gaan en al die ou putte wat toegeval het, weer gaan oopmaak.

Wat gaan in die geestelike dimensie gebeur?

Die fout is dat ons nie weet wat om te verwag nie. Jare gee God aan Moses die opdrag om die staf op die grond te gooi. Toe hy dit doen word die staf 'n slang en hy hardloop weg! Ons weet nie vandag wanneer is dit God en wanneer is dit die okkulte nie. Moses het gesien in sy tyd hoe hekse en priesters stokke gooi en dit word slange. Hy wou nie deel daarvan wees meer nie, daarom hardloop hy weg. Ons vandag nog het soveel weggegee aan die okkulte.

Wat gebeur toe? Sy slang kom en vreet al die ander op – toe is hy grootmeneer! Ek wil vir jou sê vandag: Vat alles terug wat net so vir die okkulte gegee is en laat jou slang die ander opvreet! Kom net by die punt dat jy God se dimensies leer ken. Bou jou verhouding met Hom en hou op weghardloop elke keer as jy net van 'n geestelike slang hoor.

Die Here wil Sy glorie nou uitstort op die aarde. Sy heerlijkheid sit binne in die aarde. Dis hoekom daar soveel verborge gesteentes en are vol goud en kosbare stene is. God wil Sy heerlijkheid laat uitkom. Al die putte wat toegeval het, moet nou weer oopgemaak word.

.....

# DIE KONINKRYK-GEDREWE KERK

Die kerk vandag moet in staat wees om die liggaam voor te berei om eendag oor te stap as die Bruid van Christus.

Is ons al die Bruid? Nee, nog nie.

Die groot skuif wat moet gebeur is om die 'mens-gedrewe kerk' te verander na die 'Koninkryk van God-gedrewe kerk'.

Die uitstorting van Heilige Gees wat die Pinksterbeweging begin het 'n eeu gelede, is presies dieselfde dryfkrag wat die laaste stap ook gaan begin. Dit wat Christus beplan het 2000 jaar gelede is, gaan nou begin gebeur.

Die Bruidskerk van die Nuwe Jerusalem word beskryf vir ons in Openbaring 21. Dit is 'n prentjie van 'n rein en heilige kerk. Ons moet beseft dat die patroon en fokus van hierdie kerk is geestelik. Die fokus van die huidige wêreld-kerk was nog altyd die mens en die behoeftes van die mens. En dit sluit in om tot bekering te kom en die vergewing van sonde.

Die fokus van die Koninkryk-kerk is die heerlikheid van God die Vader, van Jesus Christus en belangrik, van Heilige Gees.

Daar is baie aspekte in die Koninkryk van God en elkeen is noodsaaklik om die volheid te kan bereik.

Daar is twee basiese aspekte: Hemel en aarde of God en mens. Die koninkryk waarvoor Jesus altyd gepreek en oor geleer het, is **van die hemel** en **vir die aarde**.

Sy koninkryk is nie **van die aarde** nie, dit is **vir die aarde**.

Dit is die koninkryk van die hemel wat afkom, om net so ook op die aarde te begin. Daarom is daar 'n hemelse deel en 'n aardse deel van die Koninkryk van God.

Die Koninkryk is **uit en van God** en dit is **in en deur** die mens, deur Heilige Gees. Dit gaan deur geïnspireerde mense gedoen word.

Die klem word op aarde geplaas op die werking van die Gees, en die Gees alleen. Nie deur menslike krag of outoriteit nie.

**Fokus op die Hemelse Familie:** Die fokus wat mens op homself en op sy behoeftes en begeertes geplaas het, was die fokus van baie kerke in die verlede. Die fokus was op die aardse familie in die kerk en nie op die Hemelse familie nie.

Natuurlik is dit ook reg om hier na ons aardse families om te sien. Maar, dit het die kerk so besig gehou dat ons net nooit in die volheid beweeg het wat die Here vir ons beplan het nie. Dit was bazaars, en die weduwees en die armes en die salaris van die predikant – en dit het net te 'n groot deel van ons tyd opgeneem.

As 'n liggaam moet ons eerstens gefokus wees op die koninkryk.

***Mattheus 6:33;***

'Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word'.

Dit beteken dat ons 'n mandaat het om hemel aarde toe te bring. Om dit te doen, moet ons dink soos die hemel.

Ons doel op aarde is om seuns van God te word sodat ons die koninkryk van die hemel op aarde kan vestig. Dis al hoe ons 'n antwoord vir die wêreld kan gee en om die skepping vry te maak.

***Romeine 8:19-21***

'Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders (familie, seuns) van God. Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlijkheid van die kinders (seuns) van God.'

Dit beteken dat ons administrateurs word van die hemel om verandering op aarde en in die heelal te bring.

Ons moet die skepping vrymaak van die bindinge wat ingekom het met die sondeval. Dis belangrik om nie vas te val in sekere bedieninge en gawes nie. Ons moet baie meer doen as dit. Die doel moet altyd wees om die volheid van die koninkryk te vestig.

### **Wat is die realm van die koninkryk?**

Die koninkryk is al om jou. Dis so werklik en naby jou soos die lug wat jy inasem. In Hebreeus beteken dit: 'So naby as om net jou hand op jou wang te sit.'

Adam was 'n geestelike wese in die begin. Hy het in 'n koninkryks-dimensie geleef tot en met sy sondeval. Net daar het sy fisiese oë oopgegaan en sy geestelike oë toegegaan. Nou moet ons weer leer hoe om met geestelike oë te sien en dit vat tyd!

### ***Kolossense 3:2;***

'Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.'

Ons moet 'n lewe begin leef wat in 'n hoër dimensie is as die natuurlike wêreld om ons. Ons moet ook ophou om ons besluite te baseer op die fisiese omstandighede om ons.

Dis wanneer ons in koninkryk-dimensie begin leef.

Wat is al die dinge wat ons verhinder?

- \* Ons moet weer soos kinders word.
- \* Ongeregtigheid is om iets in jou eie krag te doen.

Die liefde van God maak jou heilig.

- \* Koninkryk van God is in jou.

Koninkryk van die hemele is onsigbaar. Dis om jou.

- \* Moet nooit godsdiens gebruik om intimiteit met God te hê nie.
- \* Wie moet my leer oor U koninkryk Here?

Die Gees van die waarheid, van kennis en van openbaring.

- \* Verklaring: Ek staan op die punt waar ek in die Allerheiligste plek deur geloof, kan instap. As ek dit kan doen, staan ek in die teenwoordigheid Christus, in Sy koninkryk.

\* Ek moet die boekrol ('scroll') vir my lewe in die koninkryk gaan haal. Ek moet weet wat in my lewe gebeur het.

Die boekrol is toe, maar Jesus Christus kan dit oopmaak. Gaan staan voor Jesus – die Leeu van Juda - en vra dat Hy hom moet oopmaak.

\* Al wat ek en jy nodig het is geloof en 'n vaste vertrouwe dat dit kan gebeur.

.....

## **JOU BESTEMMING**

In die begin van Jesus Christus se bediening is hy deur Heilige Gees in die woestyn gelei om versoek te word. Satan het hier alles in sy vermoë gedoen om Hom te mislei.

**Lukas 4:1-2;** 'En Jesus het vol van die Heilige Gees teruggekeer van die Jordaan af, en is deur die Gees in die woestyn gelei, waar Hy veertig dae lank deur die duiwel versoek is'.

Let daarop dat Jesus nie in die wildernis gelei is deur Satan nie, maar deur Heilige Gees. Ons kan vra: Was dit regtig nodig? Waarom moes Jesus deur sulke dinge gaan?

Die antwoord is nog altyd dat selfs Hy getoets en versoek moes word, om te bewys wie Hy werklik is.

**Lukas 4:13-14;**

'En toe die duiwel elke versoeking geëindig het, het hy 'n tyd lank van Hom gewyk.

En Jesus het in die krag van die Gees na Galiléa teruggekeer'. Hoe het Jesus deur hierdie tydperk gekom? Hy het in die krag van die Gees teruggekeer.

Hy het in die woestyn ingegaan, 'gelei deur die Gees'. Hy het uit die woestyn uitgekom 'in die krag van die Gees'. Nou, dit kan presies net so met ons almal ook gebeur. Heilige Gees sal jou deur jou woestyntyd neem, sodat jy nou in die krag van die Gees



kan loop. Daar is soveel van ons wat ook in die krag van een van die bedieninge wil staan, maar is ongelukkig selde bereid om die prys vir die salwing te betaal. Outoriteit kom nie altyd net omdat jy iets weet nie, maar gewoonlik omdat jy deur sekere beproewinge gegaan het. Outoriteit het werklik eers in Jesus ingekom nadat Hy die toets geslaag het.

Ons het geleer dat as iets maklik kom, daar so maklik trots en arrogansie daarmee saamkom. Ons het orals leiers nodig wat daar deur is en nog steeds bly staan. Hoe gaan ons anders geloofwaardigheid verwerf, as niemand ons kan vertrou nie?

Ek glo dat as jy jouself in die woestyn bevind, het jy Jesus Christus daar nodig om jou te help. Hy was al voorheen daar! Hy weet. Christus het een groot begeerte en dis om mense te red van die ewige hel, en om ons konings en priesters te maak.

**1 Petrus 2:9;** 'Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n hei-lige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig'.

Dit sê dat ons 'n heilige priesterdom is. Dit het gekom in plaas van die oordeel wat oorspronklik vir my gewag het. Ek was ook oppad na die verdoemenis toe, maar nou vind ek myself oppad na die ewigheid, saam met God. Hy het my waardig gemaak toe ek nog geklee was in vodde. Hy is God. Dankie Here, dat U ook in verloorders belangstel. God is besig om vir ons te wag.

Hy wil ons totaal verander en wil weer sin in ons lewe inbring. Hy sien die potensiaal in elkeen van ons raak. Elkeen het 'n roeping op sy lewe en 'n God-gegewe droom waarin ons moet begin loop.

Die sleutel in jou lewe is om agter te kom hoe ver is dit nog om te gaan van jou droom af, na jou bestemming toe.

Dis tog 'n feit in die kerk dat sekere mense hulle bestemming

bereik en ander bly vassit êrens in die lewe.

God kom om Sy visie vir jou profeties te kom gee. Dit gee jou die vermoë om te kan sien waarna Hy kyk – dis jou toekoms. Hy wil jou iets kom wys wat niks te doen het met jou huidige omstandighede of probleme of mislukkings nie. Hierdie bestemming wil Hy hê jy moet bereik. Siekte kan dit nie keer nie, die duiwel kan dit nie keer nie – dit sal gebeur. Sal dit moeilik gaan? Verseker, maar dit sal kom.

Iemand wat 'n wil gehad het om sy bestemming te bereik, was Josef. Hy moes sekere toetse en struikelblokke oorkom om dit te doen. Die een fout wat hy gemaak het was om te maklik te praat oor dinge waarvoor hy nie moes gepraat het nie. Die oomblik toe hy 'n persoonlike droom gehad het, het hy almal daarvan vertel. Die gevolg was dat almal hom meer gehaat het.

Die droom was 'n profetiese roeping in Josef se lewe.

Daar het hy besef hy was geroep om 'n baie groot ding vir God te doen. Hy het ongelukkig geen wysheid gehad toe hy alles uitgeblaker het aan sy familie nie. Ons moet weet dat daar soms iets gebeur in jou lewe wat God geheim wil hou.

Dit is so dat as jy nie jou visie en roeping kan hanteer nie, jy ook moeilik die werklikheid van jou bestemming sal bereik.

Daar is verseker 'n toets vir jou trots en jou nederigheid wat wag. As jy nederig kan wees is jy altyd seker wie jy regtig is.

Hierdie toets van nederigheid sal jou altyd laat hoër klim na die volgende vlak van guns en verantwoordelikheid.

Ons weet dat Josef eindig in Egipte en daar word hy verkoop aan Pótifar, 'n Egiptiese offisier. Hier werk Josef hard in nederigheid.

***Genesis 39:3-4;***

'En toe sy heer sien dat die HERE met hom was, en dat die HERE alles wat hy doen, in sy hand voorspoedig maak, het Josef guns

in sy oë gevind en hom gedien; en hy het hom aangestel oor sy huis, en alles wat in sy besit was, aan hom oorgegee'.

Josef het intussen 'n les geleer. Die gevolg was dat hy daarvoor verhoog is. Hoe meer jy dié wat oor jou aangestel is kan dien, hoe meer wen jy die toets van die lewe. Dit kan in jou huis wees, by die werk wees en selfs ook hier in die kerk. Die sleutel is om te beseef dat jy nie vir 'n baas werk nie, maar vir God.

Ons weet dat Josef in die tronk eindig na die gekarring van Pótifar se vrou. Hier staan hy voor die volgende toets: Die toets van karakter. Hy kon dit regkry om daar in die tronk te sit sonder bitterheid. Hier moet elkeen van ons vashou aan hoop en geanker wees in God. Om deur te gaan beteken om voortdurend die geveg van die lewe te veg, terwyl jy wag. Om uit te hou, bou jou karakter. 'n Sterk karakter kom na groot aanslae.

Ons weet dat daar 'n hele paar insidente gebeur in Josef se lewe. Eers in die tronk en later toe hy voor Faraó gestaan het.

Daarna word hy aangestel as die prins oor Egipte. Dit was die begin van die bestemming waarvoor hy geroep is.

Die grootste toets het daarna gekom toe Josef moes bewys dat hy guns en voorspoed kon hanteer. Ons moet weet dat die grootste toets is nie kanker nie, nie 'n kroniese siekte nie en nie egskeiding nie, maar hoe om voorspoed te hanteer.

Dit gaan hier nie net oor die bereiking van jou bestemming nie, maar wat jy met jou bestemming gaan doen. Wat doen jy as jy bereik het wat God jou belowe het? Hoe hanteer jy dit?

Wanneer God jou seën, is dit jou plig om Hom daaglik daarvoor te verheerlik en eer te gee. Weet dat God getrou is om alles vir jou te gee wat Hy beplan.

In hierdie tyd waarin ons leef is daar 'n toekoms.

**Daniël 12:3;** 'En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die

sterre vir ewig en altoos’.

Dis verseker die tyd om na alles soos verstandiges te kyk. Dis die enigste manier hoe ons nog sal kan skyn. Hoe ons dinge gaan sien, hang net af met watter oë ons kyk.

Kom ons kyk na die uitstuur van die tien bespieders deur Moses. Die tien manne moes die nuwe land gaan verken. Josua en Kaleb gaan in om te kyk na die vrugbare land. Hulle wandel in wysheid en sien dinge anders as die ander klomp. Vir Josua en Kaleb was dit belangrik om te sien wat God gesien het oor die beloofde land. ‘n Land wat oorloop met melk en heuning. Die ander bespieders kyk met verkeerde oë. Hulle sien net die vyand raak en word negatief en begin twyfel. Ons moet beseef dat om soos Kaleb te sien, teen ons natuur is. Dis om die bonatuurlike te sien met geestelike oë. Ons moet almal leer om ons geestelike oë te vertrou in hierdie dae. Ons is so bewus dat tot die uitverkorenes mislei gaan word in hierdie tyd.

### ***Hebreërs 11:8-9;***

‘Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as ‘n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.

Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in ‘n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte’.

Om te gaan sonder om te weet waarheen, maak nie altyd sin nie. Dis waarom die Bybel sê: Hy het ‘deur die geloof’, gegaan. Abraham kon in Ur gebly het en sou heeltemal op sy gemak gewees het daar. Dis reg as hy net geïnteresseerd was in sy aardse erf-porsie. Weet dat God mense beloon as hulle sal uitgaan in die onbekende, om Sy wil te doen. Meeste van ons sal dink dis verkeerd. Daarom sê albei die verse: ‘Deur geloof’.

Die onbekende hoef nie 'n totaal vreemde plek te wees nie, maar dieper in jou verhouding met Hom.

Enige plek waar jy gaan sonder om te weet waarheen, kan slegs in geloof gedoen word. God kon Abraham se belofte in 'n plek gesit het waar daar geen geloof nodig was om te gaan nie. Dit beteken ek gaan sonder om iets te waag. Ons het voorheen geleer dat as iets maklik kom, verloor ons dit ook weer maklik. Ons moet weet dat God soms van ons verwag om te waag, al maak dit nie sin nie. Maar vertrou Hom.

In die moderne wêreld het ons gewoon begin raak om 'n GPS te gebruik om êrens te kom. Die voordeel van 'n GPS is dat al maak jy 'n fout of jy mis 'n afdraai, sal dit jou nog altyd weer terugbring op die regte pad. Maar, geestelik werk dit nie so nie. Geloof kom eers ter sprake as daar geen aanduidings is waarheen jy moet gaan nie. Dit is so dat 'n GPS jou alleen kan neem na waar ander mense al voorheen was. Geloof sal jou egter kan neem na 'n plek waar mens nog nooit was nie. As jy altyd net beweeg waar mense al voorheen was, is geloof nooit nodig nie.

Daar was eendag vier manne wat hulle verlamde vriend na Jesus toe wou bring. Hulle het geen keuse gehad anders as om 'n gat in die dak te maak waar Jesus gestaan en leer het nie.

Die Bybel sê nie dat Jesus hulle geloof gehoor het nie.

Geloof is 'n aksie, nie 'n gedagte nie!

Toe Jesus hulle geloof sien het Hy dadelik besef dat geloof hier uitgeoefen is. Hulle het dadelik Sy volle aandag gehad.

Jesus het geweet die huis was vol. Die oomblik toe hulle in geloof optree, beantwoord Hy dit dadelik en maak die man gesond.

God wil ons vandag kom uitdaag oor ons bestemming.

Gaan jy maklik daar uitkom, of gaan geloof nodig wees?

Weet dat die prys soveel groter is as ons iets moet opoffer.